# waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 5/6 Mei/Junie 1998

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan

*Redaksie-adres:*
Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380
Tel (01782) 2480

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 50 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

# Redaksioneel

"Elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie" (Markus 10:14). "Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei" (Hebreërs 5:14). Kinderlike geloof en volwasse geloof. Aanvaar onvoorwaardelik alles wat die HERE sê, en tegelyk: tree met skerp onderskeidingsvermoë op, ontwikkel die geestesvermoëns tot die optimum. Geloof: volwasse kinderlik, kinderlik volwasse.

In hierdie uitgawe van Waarheid en Dwaling word daar - soos in die vorige uitgawes - gepoog om by dié Skrifreël te bly. Kinderlik luister na die bevele van ons God: onbevange, eenvoudig, ongetwyfeld. Maar ook volwasse analiseer, weeg, toets.

Dit alles moet voortdurend in liefde geskied. Liefde vir God en die naaste. Sonder liefde is geloof bodemloos: nòg kinderlik, nòg volwasse. Wat u onder oë neem is in liefde geskryf, ook wanneer daar vanuit die Skrif, belydenis en kerkorde diep gesny word. Die mikpunt bly dat almal wat die HERE liefhet, mekaar aan die waarheid sal bind. Want dit is liefde: dat ons die wil van die HERE sal doen.

> Die redaksie het besluit om ter wille van die omvang van die materiaal wat hanteer word, voorlopig voort te gaan met die publikasie van dubbel nommers.
>
> Ons vertrou dat dit in so 'n formaat vir u van waarde sal wees.

# Waarom word die tempel afgebreek?

1 Konings 9:1-9

'n Vraag wat homself deesdae al hoe dringender aan ons as kerk opdring, is dalende lidmaatgetalle. Wat is aan die gang? Is die HERE nog by sy kerk?

Maar moet ons nie liewer vra: Is die kerk nog by die Here?

God het self die volk Israel gemaak. Uit die vervulling van God se verbondsbeloftes aan Abraham, Isak en Jakob het die volk Israel ontstaan en voortbestaan. In 1 Konings 9 lees 'n mens hoe staan hulle nou as volk van God en aanskou die asemrowende majestieuse grootheid en prag van die tempel in Jerusalem. Koning Dawid se droom wat deur sy seun Salomo tot 'n meesterstuk voltooi is en God het sigbaar hier ingetrek (1 Kon 8:10) Hy is hier teenwoordig. Hy is by sy volk! Hy het die tempel geheilig met sy teenwoordigheid - Wat 'n troos en gerusstelling. Die volk het rede om in dankbaarheid fees te vier!

Maar dan hoor die volk die Here se stem: "Maar as julle en julle nageslag van My af wegdraai en my gebooie en my voorskrifte ....... nie nakom nie .... sal Ek hierdie tempel wat Ek in my Naam geheilig het, voor My wegvee" (verse 6 & 7). Die voortbestaan van hierdie tempel, die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk, hang van die volk se gehoorsaamheid en getrouheid af......

Die skrikwekkende feit is dat die Here toe wel hierdie dreiging van Hom moes uitvoer! In 586 vC word hierdie trotse bouwerk deur die Chaldeërs in 'n puinhoop verander. So het die dreiging van die Here 'n nare werklikheid geword! "Ja, hoe uitsonderlik hierdie tempel ook al was, elke verbyganger sal dan van verbasing sy asem intrek en fluit en vra: Waarom het die Here dit gedoen aan die land en die tempel? En dan sal die mense antwoord: Omdat daardie volk die Here hul God verlaat het.

Op grond van Jesus Christus se verlossingswerk het die Here deur sy Gees in elke opregte gelowige se hart kom woon. Die kerk (gelowiges) is nou sy tempel, maar ons moet goed besef: Al is die Naam van die Here oor ons as kerke uitgeroep; al is ons geheilig; al het ons deel aan die Woord en die sakramente, beteken dit nog glad nie dat ons die Here kan dien soos ons dit goed dink nie. Die Here verwag van ons gehoorsaamheid en getrouheid. Hy gee aan ons die lig van sy

**INHOUD:**

1 Redaksioneel
1 Skrifoordenking: *Waarom word die tempel afgebreek?* Ds DJ de Kock
2 *Glo ons in 'n heilige, algemene, Christelike taal* Ds ALA Buys
4 *Kelkies*
10 *Neergedaal na die hel*
13 *Vroulike ampsdraers*
18 *Onderhou Art 30 KO*
20 *'n Konvent van kerke* Dr JG Meijer

Ds DJ de Kock
Pietersburg-Suid

Woord en Hy woon deur sy Gees in ons harte. Hy is by ons teenwoordig! Maar is ons getrou?

Mag ons vra waarom mense na die kerke se dalende lidmaatgetalle kyk en dan fluit van verbasing? Die Gereformeerde kerke verloor jaarliks die aantal lidmate gelyk aan drie gemiddelde gemeentes!

Het ons nie alreeds te ver van die Here af weggedraai nie? As die Here sê ons moet ons bekeer, dan wil ons, soos die mense in Maleági se tyd, so half verbaas vra: "Waarom moet ons ons bekeer? (Mal 3:7).

Die tempel sal nie staande bly as die volk van die Here af wegdraai nie. As jy nie in Christus bly nie, kan jy nie lewe nie. Elke loot wat nie vrugte dra nie word immers afgesny en verbrand! (Joh 15)

As ons nie aan die Here gehoorsaam is nie en as ons nie voor sy heilige wil buig nie, as ons ons eie koppe volg en die Skrif wil draai om by ons sieninge te pas, kan dit mos nie anders nie!

Dit is maklik om te sê dat ons die Here dien, maar die vraag is: Is ons werklik met ons Here Jesus Christus beklee en dien ons werklik die Here onder die kragtige leiding van die Heilige Gees? Het ons nie ook maar baie eiewillig en selfs formalisties geword nie?

In Openbaring 2 waarsku die Here die gemeente van Efese: "Dink daaraan hoe ver julle al agteruit gegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!" (Openb 2:5).

Vandag is Salomo se tempel afgebreek. ook die tempel wat daarna in sy plek in Jerusalem opgerig is, is in 70 nC afgebreek. Vandag bestaan daar ook nie meer 'n kerk in Efese nie. Daardie lamp is deur die Here weggeneem. Die meeste Kerke in Suid-Afrika se lidmaat getalle is besig om drasties te daal. Waar lê die probleem? Hoor ons die Here se waarskuwing? Wat gaan ons daaraan doen?

# Glo ons in 'n heilige, algemene, Christelike Taal?

ALA Buys
Piet Retief

Die jonges vertrou nie meer die ouer geslag nie. Dit sou 'n blote cliche wees om te sê die Afrikaner is in 'n krisis hieroor. Die beskrywing van die krisis is reeds deel van die probleem. Een aspek van hierdie probleem is die gebrek aan leiers wat alleen volgens God se Woord wil leef. Daar heers 'n algemene verwarring en 'n gemaal. Die keiser het toe regtig nie 'n draad klere aan gehad nie. En dit het die volk aan die praat: As hulle wat voorheen so seker was, nou stil is en saggies praat, as hulle wat gister die fakkels op die rante laat brand het, nou selfs swygsaam die skouers op trek oor die regte pad vorentoe, word die basiese geloofsgoed ook skepties bejeën. Dit is waar hierdie identiteitskrisis die kerke raak.

## Wat het taal met geloof in Christus te doen?

Voor mense verder redeneer moet ons eers 'n paar beginselriglyne trek. Twee (outydse) analises moet vermy word. Ten eerste deug die Christelik-(?) nasionale sienswyse nie meer nie. Dit is juis hierdie ideologie wat 'n reuse bydrae gelewer het tot hierdie bestaanskrisis, deurdat daar met 'n onbybelse volksbeskouing en taalsiening gewerk is, en op sy mees skeef-getrekte vorm bloot Bybelteksies voorsien het om inherente rassisme en nasionalisme 'n mooi naam te gee. Indien hierdie analise op die huidige situasie toegepas gaan word, gaan net by 'n depressiewe konserwatisme geëindig word - 'n gemeenskaplike gesug oor die goeie ou dae.

Tweedens, en dit ruik ook na knoffel, moet die christelike humaniste/liberaliste/voorposdenkers ook maar die deur gewys word. Hulle het weer geen volksdenke nie, nog Bybels, nog onbybels. Hulle dink die mens is sy tong, die mens is 'n pratende wese. Dis die huidige taalmanne wat so oor die "Afrikaanses" praat. Wel, die mens is toe nou meer as sy tong. Al waar hierdie analise ons gaan bring, is om te emigreer en in die buiteland "taal klubs" te hê, af en toe braaivleis te hou, te sien hoe die tweede geslag ver-inheems, (al pratende) en oupa en ouma wat verlang na sonnige Suid-Afrika - 'n afsonderlike versugting na die goeie ou springbok dae.

Geen Christelike nasionalisme of humanisme. Geen keuse tussen volk of enkeling, tussen treur of trek, tussen hart en tong, tussen glo en praat nie.

## Harde Afrika

Vir die eerste keer bevind die huidige geslag hulle in 'n posisie dat hulle besef: ons leef in Afrika, sonder koloniale stutpale. En die harde werklikheid is 'n onaangename plek, en hierdie is maar die begin. Die Afrikaner is toe nie genooi na die "African-renaisance"-partytjie nie, Die meeste verstaan nog nie dat Afrika sy eie ding gaan doen nie, met of sonder die

Afrikaner, met of sonder die kerk, met of sonder sy"Taal".

Hoe moet die identiteitskrisis benader word? Die twee ou modelle deug nie meer nie. Die een steun op mag wat eendag ons krag sal terugbring, en daarom word volkseenheid as 'n voorvereiste vir alles gesien. Die ander berus op die vae idee dat alle mense iets goeds in hulle het en dat ons net mekaar 'n kansie moet gun om te sien hoe eenders ons is, en dan woon ons heerlik saam in Afrika. Eendrag maak mag - as jy nog koppe wil tel. Een (taal)drag maak sag - as jy dink jou ongelowige naaste is so goed soos jy.

Die krisis gaan oor plek, oor mense, oor God. Oor sy liefde en sy haat, oor sy seën en sy vloek. Moet ons in Afrika wees? Mag ons hier wees, wil ons hier wees? Dis nie 'n vraag wat 'n ongelowige kan antwoord nie, want hy sal net kyk na sy eie sak en vra of hy ekonomies sal vooruitgaan - en dan dalk emigreer.

Die kerk moet hierdie vraag vra: waarom is ons hier. "Ons" ten eerste bedoel as mens, maar tweedens ook gelowige en ongelowige Afrikaners. Ons ALMAL is hier om God te loof, en nie om te probeer oorleef nie. Ons kan God net deur Christus loof. As ons God moet loof, beteken dit dat ons sy seëninge en bepaling oor volkstye en volksgrense moet eerbiedig (Hand 17:25). Sien ons grond as deel van God se seëninge, of het ons so verward geraak dat ons net taal as God se gemeenskaplike seëning sien? As taal 'n seëning is, waarmee God geloof moet word, waarom is grond dit nie ook nie - waarop God geloof moet word. Wie praat dan in die lug?

Nasionalisme aanhangers wat hierdie punt wil misbruik sal gou-gou by bloedige grondregte uitkom (ek bly waar ek bloei). Humaniste wat dit wil misbruik sal eindig (hoogstens) by 'n naïewe taalstaat (waar ek mag praat op almal se grond).

## ATKV

Die onlangse debakel oor die ATKV prys wys uit hoe diep hierdie Afrikaner identiteitskrisis gaan. Die prys is aangebied, toe teruggetrek, toe is verskoning aangebied dat hulle as christelike organisasie onchristelik optree. Die Christus-lose liberales wat dink hierdie debat gaan oor die kultuur organisasie wat nog steeds nie aangepas het by die nuwe tyd nie, mis die punt geheel en al. Dit gaan nie oor ou of nuwe stelsels nie. Dit gaan oor geloof. Oor die fundamentele onderskeid tussen geloof en ongeloof - wat seer sekerlik 'n beslissende invloed het op die hele mens se lewe - nie net sy gepraat nie. Wat is hierdie skielike ding om te maak asof dit nou baie christelik is om ongeloof ook 'n bestaansplek te gun. Volgens dr Frits Kok is die ATKV gebaseer op Bybelse christelike basis - en dan sê hulle "ons is jammer, as christene, wat dus Christus ken, omdat ons die indruk kon skep dat ons ongelowiges uitsluit op prysuitdelings".

Glo ons dan in een algemene Taal? En op die vraag of 'n ongelowige, lid van die ATKV kan word, word "nee" geantwoord. Maak dit sin? Vereer ongeloofshandeling as dit buite sigwaarde is, maar "vereer" die ongelowige nie met lidmaatskap nie.Sien hier lê die hele saak oop en bloot. Hulle wil aan Christus gebind wees, (want dit hou darem die hemel in), maar hulle wil tog geensins die indruk wek dat hulle hulle al pratende afskei van die ongelowige nie. Dit sou te veel na 'n godsdiensapartheid ruik, 'n Calvinistiese uitverkiesing. Maar wie nie vir Christus is nie, is tog teen Hom. Wie nie saam met Hom is nie, is los van Hom.

## Afrikaanses 'n mite

Uit die ATKV se optrede blyk dat hierdie "taal-teorie" van Afrikaanses 'n mite is. Dit lui soos volg, almal wat Afrikaans praat is saam gegroepeer, ongeag klas, geloof, ras of das ... tot ons mekaar op die skouer moet klop oor goeie bydraes, dan tel Christus se eer wel. Vir 'n rukkie. Dan weer is dit christelik om weer verskoning te vra. Vir 'n rukkie. Dan weer is dit prinsipiëel om te sê die vereniging is onbeskaamd net vir Christene wat Afrikaans praat. Wel wat is dit nou? Maak Christus se eer saak of nie? Is Hy ons samebinding, of is die tong, ons taal die gemene deler wat ons moet saambind. As ons nie saam bid nie, waaroor kan ons dan nog saam praat? As ons net wil praat, hoe wil ons praat, tot God se eer? As ons net wil praat, waar gaan ons praat? Waar God ons wil hê? Waaroor gaan ons praat? Oor allerlei "neutrale" sake wat niemand aanstoot gee nie?

## Asem van die lewe

Nee, toe God die asem van die lewe in die mens se neus geblaas het, het Hy onder andere bedoel, dat hierdie lewensasem wat by die stembande verby gaan tot sy eer sou wees. Sy Gees sou oor die mens heers - ook hoe en waar hy praat.

Hoekom moet die ongelowige geakkomodeer word? Hoekom soveel moeite doen om te sê: die gelowige beskou homself nie beter as die ongelowige nie. Wat van God se seëninge dan - maak dit die kerk nie anders nie? Maak die gawe van die Heilige Gees, en die versoening in Christus, maak dit nie die kerk inderdaad beter as die heiden nie. As seëninge van God, ook van taal en grond, dan niks beteken vir die kerk nie, waarom moet ons sending doen? Waarom enigsins die ongelowige probeer omhaal "na die kerk" se kant, as ons nie oortuig is dit is enigsins beter nie. Wat bely ons

as kerke vir die volke wat God moet vereer met geskenke soos wat Openbaring sê.

By die identiteitkrisis lê 'n basiese vertwyfeling en skeptisisme in opgesluit. is dit goed om God te ken? Die kern van die identiteitskrisis: maak die Here se seëninge 'n verskil? Of sug ons saam met die mense in Maleági 3:13: "Dit is tevergeefs om die Here te dien"./ Is God se vervloekinge oor verloëning 'n realiteit? Ons glo IN Christus ons redder, daarom glo ons AAN die kerk. Ons glo aan 'n heilige algemene Chrsitelike (Christus se) kerk, nie in 'n taal wat ons sal red nie. Hoor die stryd roep van die Afrikaanses: Praat Afrikaans, die taal van die toekoms! Dring aan op Afrikaans. Praat Afrikaans vir oorlewing. Praat (ATKV) Afrikaans op so 'n manier dat jy nie aanstoot aan ongelowiges gee nie. praat Afrikaans - vergeet dit is 'n seëning van God. Vergeet dat God - ook in Afrikaans, onder andere - wil hoor hoe ons Hom loof. In wie glo ons regtig as ons so praat: God of die Taal? Vir wie praat ons in Afrika?

Dr JG Meijer
Pretoria

# KELKIES?

## *Selfstandigheid in saamhorigheid van die plaaslike kerke*

**Wat van die gebruik van kelkies by ons nagmaalviering? En van nagmaalbediening in die banke? Die besluite van die laaste Sinode oor die wyse van nagmaalviering waai baie stof op. Reaksies in die 1997-jaargang van *Die Kerkblad* is uiteenlopend. Selfs gereformeerde kundiges in die kerkreg verskil. Die een sê: 'Elke kerk kan in vryheid oor hierdie vrae besluit.' Die ander verklaar: 'Nee, die kerke is aan vroeëre sinodebesluite gebind.' Wat moet daar gebeur om tot skriftuurlike eensgesindheid te kom?**

Hoe het die vrae oor nagmaalviering op die sinode-tafel beland? Die Sinodes van 1927 en 1930 het uitgespreek dat die kerke nie kelkies behoort te gebruik nie. Teen hierdie uitsprake is besware ingedien. Verder het 'n partikuliere sinode versoek om die moontlike maniere van nagmaalviering te oorweeg. Nagmaalviering ooreenkomstig artikel 62 van die kerkorde is immers 'n saak wat alle kerke aangaan.

Die Sinode van 1994 het die beswaarskrifte en die versoek oor die wyse van nagmaalviering ontvanklik verklaar. Daar is studiedeputate benoem met die opdrag om die Sinode van 1997 oor die hele aangeleentheid insake nagmaalviering te adviseer. Studiedeputate het nie eensluidende advies gegee nie. By die Sinode van 1997 is benewens 'n verslag van medici 'n meerder- en 'n minderheidsrapport ingedien.

Die Sinode benoem toe 'n kommissie om 'n uitspraak voor te berei. Hierdie kommissie se rapport bevat 'n aantal oordele en 'n uitspraak in vyf punte. Die Sinode besluit om 'n sesde punt aan die vyf voorgestelde punte deur die kommissie toe te voeg en weer studiedeputate te benoem. Die kwessie het intussen so uitgedy dat die rapporte en besluite hieroor omtrent 145 bladsye van die *Handelinge* beslaan.[1]

### Die voorstelle in die meerderheidsrapport

Die studiedeputate se meerderheid behels heelwat eksegetiese studie. Hierdie deputate vat die vereistes vir nagmaalviering in die volgende vyf punte saam:

"1. Die tekens wat bedien moet word, is brood en 'n beker met wyn.

2. Die nagmaal moet in 'n erediens bedien word.

3. Die nagmaal moet bedien word deur 'n bedienaar van die Woord.

4. Die deelname van die gemeente aan die nagmaal kan lopende, sittende aan 'n tafel of in die banke, of selfs staande wees, op voorwaarde dat die karakter van die nagmaal as 'n gemeenskapsmaaltyd behoue bly.

5. Die kerkraad moet die wyse van nagmaalviering so inklee dat voldoende toesig oor die heiligheid van die sakrament gehou kan word."[2]

Volgens die rapport dra die nagmaalsbeker die karakter van 'n sakramentele teken en seël. Die brood is die teken van die liggaam van Christus. Die wyn is die teken van die bloed van die Here. Die beker is die teken van die Nuwe Testament of Nuwe Verbond in sy bloed. Die tafel wat nie tot die tekens en seëls van die nagmaal behoort nie, is nie vir die viering van hierdie sakrament essensieel nie. Tafels is slegs meubelstukke.

### Die voorstel in die minderheidsrapport

Die minderheid van die deputate stem saam met die grootste gedeelte van die meerderheidsrapport. Hulle kritiek[3] konsentreer op die betekenis wat die meerderheid aan die beker heg. Hulle sê: Die meerderheid oorbeklemtoon die beker deur daaraan 'n sakramentele karakter toe te ken. Die beker word in feite tot 'n derde nagmaalsteken en -seël verhef. Sodoende kom die meerderheid in stryd met wat ons oor die twee tekens van die nagmaal, brood en wyn, in NGB, art. 35 en HK, Sondae 28 en 29 bely.

### Beoordeling deur die Sinode

Uit die rapport van die kommissie wat die meerder- en minderheidsrapporte beoordeel en die uitspraak voorberei het, keur die Sinode punte drie en vier goed. Ek gee die vyf oordele onder punt 3 hier kortliks in eie woorde weer:

[1] 584-729.

[2] 666:6.7.4.1-6.7.4.5.

[3] 707-727.

1. Brood en wyn is die tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus (Matt 26:26-28; 1 Kor 11:23-26; NGB, art. 35; HK, Sondae 25-29).

2. Christus het by die instelling van die nagmaal gesê: "Neem, eet" (die brood). "Drink almal daaruit," uit die beker (Matt 26:26-28). Die "verwysing na die brood en beker kom prominent na vore."

3. Die instellingswoorde moet by die nagmaal gesê word (Luk 22:19; vgl. 1 Kor 11:23-26; nagmaalsformulier).

4. Nagmaal moet in 'n erediens sodanig gehou word dat die ouderlinge voldoende toesig oor die heiligheid van die sakrament kan hou.

5. Die nagmaal is volgens die instelling daarvan 'n gemeenskapsmaaltyd.[4]

Die oordele 4.1 en 4.2 lui soos volg:

"1. Hoewel die beker as sodanig nie as teken of seël van die liggaam of bloed van Christus beskou kan word nie, het die beker, saam met die wyn as teken, 'n bepaalde prominente plek en funksie.

2. Die gemeenskaps- en maaltydkarakter van die nagmaal vind uitdrukking in die gebruik van 'n gemeenskaplike beker. Die gebruik van ('n) gemeenskaplike beker(s) beklemtoon die feit dat die nagmaal 'n gemeenskapsmaal is."[5]

## Die Sinodebesluit

Die Sinode verhef in punt 6 die vyf uitsprake wat sy kommissie voorgestel het, tot sy besluit:

"1. Hoewel daar met die lig waaroor tans beskik word tot geen finale interpretasie oor die beker se plek en noodsaak tydens die viering van die nagmaal gekom kan word nie, beskik 'n plaaslike kerk in bogenoemde voorskrifte oor genoegsame gegewens om die viering volgens Skrif, Belydenis en KO te laat geskied.

2. Die Kerkorde art. 62 toon aan dat ons nie van Skriftuurlike seremonies mag afwyk nie (vgl. art. 32-35 NGB). As gevolg van gebrek aan volle duidelikheid mag gewetens daarom ook nie aan 'n bepaalde praktyk gebind word nie, solank dit geskied binne die raamwerk van bogenoemde voorskrifte (pt. 3 en 4).

3. Elke plaaslike kerk moet bogenoemde raamwerk vir 'n Skriftuurlike nagmaalviering verreken. Daar moet selfstandig geoordeel word oor die spesifieke wyse wat tot die beste stigting/opbou van die plaaslike kerk kan dien.

4. Die Sinode doen hiermee 'n beroep op alle kerke om met bogenoemde gegewens hulle voor God te verantwoord in die uitvoering van hul Godgegewe roeping.

5. Waar kerke buite die raamwerk beweeg wat die Skrif, Belydenis en KO oor die wyse van die viering van die nagmaal voorskryf, moet volgens die normale kerklike weg daarmee gehandel word."

Die Sinode het na bespreking van die kommissie-rapport besluit om nog 'n sesde punt aan hierdie besluit toe te voeg:

"6. Die Sinode beklemtoon die handhawing van KO, art. 31 en vestig die aandag van die kerke opnuut op die Sinodebesluite van 1927 en 1930."

Ten slotte besluit die Sinode:

7. Daar word deputate vir verdere studie benoem. Aan hulle word opgedra om die volgende Sinode te adviseer oor

* die wyse van nagmaalviering met inagneming van die meerder- en minderheidsrapporte en in die lig van bogenoemde besluit,
* 'n nadere verklaring of interpretasie - indien moontlik - van die begrip "uitwendige seremonies" in artikel 62 van die kerkorde en
* beantwoording van die beswaarskrifte wat by die Sinode van 1994 ingehandig is.[6]

## Enkele opmerkings en 'n appèl

Onder die volgende opskrifte volg my reaksie op die rapporte en die Sinodebesluit. Die gedeelte onder die volgende drie opskrifte bevat enkele opmerkings oor die beker, die tafel en die "uitwendige seremonies". Dit is 'n voorlopige reaksie wat moontlik van enige nut kan wees vir lidmate, kerkrade en die aangewese studiedeputate by hulle verdere besinning oor die viering van die nagmaal ooreenkomstig artikel 62 van die kerkorde.

Die tweede deel van my reaksie is appellerend van karakter. Dit wil aan die vrede van die kerke en hulle eenheid in die waarheid diensbaar wees.

## Die beker

Die gevoel van die meerderheid dat die beker 'n sakramentele karakter dra, word deur die Sinode nie aanvaar en ook nie afgewys nie. Daaroor het hy kennelik geen sekerheid nie. Die Sinode eerbiedig wel in sy oordeelvorming die prominente plek en funksie van die beker wat ten minste uitdrukking gee aan die gemeenskaps- en maaltydkarakter van die nagmaal. Helaas vind hierdie oordeel geen weerklank in die eerste punt van sy uitspraak nie. Daar verklaar die Sinode: Met die lig

[4] 727-728:3.1.1-3.1.5.

[5] 728:4.1-4.2.

[6] 728-729:6.1-6.6 en 7.

[7] HK, antw. 116.

[8] Vgl. onder meer Matt 7:7; Jak 1:5; 1 Joh 3:22; 5:14-15.

[9] Matt 9:10-11; Mark 2:15-16.

[10] Vgl. Luk 15:2.

[11] Matt 26:20.

[12] Luk 22:21.

[13] Gen 3:15.

[14] 1 Kor 10:21.

[15] NGB, art. 35.

waaroor ons tans beskik, kan ons nie tot 'n "finale interpretasie oor die beker se plek en noodsaak" kom nie. Die beker wat volgens die Sinode-oordeel in die Skrif 'n prominente plek en funksie inneem, is volgens die besluit moontlik nie eers noodsaaklik nie. Hierdie uitspraak strook gevolglik nie met die voorafgaande oordeel oor die beker nie.

Die eerste punt van die Sinode-besluit sou in ooreenkoms met sy oordeel ongeveer as volg gelui het: Met die lig waaroor ons tans beskik, behoort die prominente plek van die beker, wat ten minste aan die gemeenskap van die heiliges uitdrukking gee, bely en gehandhaaf te word. Die vraag of die beker tot die tekens en seëls van die nagmaal behoort, kan tans nie met sekerheid beantwoord word nie. Daarom benoem die Sinode deputate met die opdrag om hierdie vraag in die lig van die Skrif en belydenis en met inagneming van die meerder- en minderheidsrapporte wat by hierdie Sinode ingehandig is, te bestudeer en DV die volgende Sinode oor hulle studieresultate te adviseer. Intussen handhaaf die kerke die gebruik van die beker ooreenkomstig die besluite van die Sinodes in 1927 en in 1930.'

Die feit dat die eerste punt van die Sinodebesluit nie met die voorafgaande oordeel korrespondeer nie, het veroorsaak dat die Sinode nie by magte was om besware wat by die vorige Sinode ingedien is, in die lig van die Skrif, die belydenis en die kerkorde voorlopig te beantwoord nie. Dit is 'n verontrustende stand van sake wat die vraag laat ontstaan: Wat is die oorsaak van die gebrek aan vaardigheid in die neem van skriftuurlike besluite? Die HERE gee tog "sy genade en Heilige Gees aan hulle wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank"?[7] Hy gee tog op die gebed van die regverdiges die Gees van wysheid wat ook bekwaam maak om kerklike sake reg en betyds te beoordeel?[8]

## Die tafel

Die beker het in die meerderheidsrapport 'n sakramentele karakter. Die wyn is teken van die bloed van die Christus; die beker beteken die Nuwe Verbond in sy bloed. Die vraag of hierdie oordeel skriftuurlik en konfessioneel verantwoordbaar is, bly hier buite beskouing. Beantwoording daarvan word aan kundiges oorgelaat.

In hierdie verband moet wel 'n ander kwessie aan die orde gestel word. Vanuit hulle hoë waardering van die beker sien die meerderheid as 't ware neer op die tafel. Hulle beskou die nagmaalstafel wat geen teken en seël van God se verbond is nie, as bloot 'n meubelstuk wat geen essensiële waarde by die viering van die nagmaal het nie.

Die gevolg van hierdie siening? Die betekenis van die tafel kom glad nie meer ter sprake in die meerderheid se samevatting nie. Die vervolg? Ons hoor niks meer oor die tafel in die oordele en besluit van die Sinode wat hierbo weergegee is nie. Die vraag kom na vore: Is die nagmaalstafel sodoende van die Sinode-tafel weggevee en hoef studiedeputate nie meer oor die betekenis van die tafel te besin nie?

Die nagmaalstafel het 'n ander betekenis as 'n meubelstuk op een of meer pote. Die tafel kry al in ons gewone spreektaal 'n dieper betekenis in woorde soos tafeltoelae (onthaalgeld), tafelgas of -genoot, tafelgemeenskap, tafelgebed en tafelredes (byvoorbeeld van Maarten Luther). Dink ook aan uitdrukkings in ons taal soos iemand aan jou tafel verwelkom, sake ter tafel bring en skeiding van tafel en bed.

Tafelgemeenskap is in die Skrif 'n uiting van onderlinge verbondenheid,[9] asook van lewensgemeenskap.[10] Die nagmaalsformulier beskryf die gelowige nagmaalgangers as "waardige tafelgenote van Jesus Christus" en tipeer die tafel in die lofverheffing na die viering van die nagmaal as "sy tafel", die tafel van die Here.

Die tipering van die nagmaalstafel in die nagmaalsformulier is aan die Woord ontleen. Die Heiland het die nagmaal in die nag van sy verraad "aan die tafel" ingestel.[11] Die hand van Judas wat hom verraai het, was by Hom aan tafel,[12] aan dié tafel wat kort na Judas se heengaan die eerste nagmaalstafel geword het. Die Heilige Gees dui die antitese, die vyandskap wat God stel,[13] aan met die nagmaalsbeker en -tafel in dié woorde: "Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en aan die tafel van die duiwels nie."[14]

Die gaan na die tafel is reeds 'n belydenis dat die gelowiges hulle saligheid buite hulleself in die Here Jesus Christus soek en vind en dat hulle aan mekaar as lede van een liggaam gegee is. "Daarom behoort niemand daarheen te gaan (let wel: op te staan uit die bank en na die tafel te gaan) as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie."[15]

Die "tafel van die Here" kan in die lig van die Skrif tog nie tot 'n meubelstuk gedegradeer word nie?! Die deputate wat die laaste Sinode benoem het, kan nie die betekenis van die tafel en van die tafelgemeenskap in die raamwerk van hulle studie oor nagmaalviering ignoreer nie. Hulle sal elke element en implement van die nagmaal: die tekens en seëls, die instellingswoorde en alle handelinge by die nagmaal in hulle besinning moet betrek om die betekenis van elke onderdeel in sy verhouding tot die hele nagmaal te kan

verstaan. Ons bid om 'n advies wat uit so 'n skriftuurlike besinning oor nagmaalviering voortvloei. Dit kan die kerklike eensgesindheid oor nagmaalviering herstel, tot eer van onse Here wat ons met die prys van sy liggaam en bloed gekoop het.

## Die belydenis in artikel 62 van die kerkorde

Die viering van die nagmaal wat in hierdie artikel ter sprake is, word in die kerkorde gereël. Kom, ons kyk nou eers na die inhoud van artikel 62 om daarna aan die hand daarvan die bespreking van die Sinodebesluit oor hierdie saak af te rond.

Die kerke kom in hierdie artikel ooreen dat hulle nie "die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is", by die viering van die nagmaal sal verander nie. Origens kan elke kerk "die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien." Die bepalings van artikel 62 dui treffend op die aard van die gereformeerde kerkverband. Dit is nie 'n landskerk waaronder al die plaaslike gemeentes ressorteer nie. Nee, ons kerkverband bestaan uit selfstandige plaaslike kerke.

Nie 'n landswye kerkorganisasie nie, maar die HERE bind sy kerke saam. Hulle herken en erken mekaar in die eenheid van geloof. Hulle behoort by elkaar as kerke wat saam eerbiedig luister na die stem van hulle God. Dié stem hoor hulle in sy Woord. Hulle lewe saam volgens die skriftuurlike voorbeeld van die 'Klassis Efese'. Die verheerlikte Christus, nie 'n sinodokratiese organisasie nie, is die Hoof van die sewe kandelaars, die sewe gemeentes in daardie 'Klassis'.[16] Hy verbind sy kerke in saamhorigheid. Elke gemeente ontvang die briewe van die Heiland aan al sewe kerke met die opdrag: Wees ge-hoor-saam in julle same-hoorigheid: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes (meervoud) sê."[17]

Selfstandigheid in saamhorigheid van plaaslike kerke. Artikel 62 eerbiedig en bely hierdie Skrifbeginsel in die twee bepalings oor nagmaalviering. Elke plaaslike kerk kan selfstandig, in vryheid, die wyse van nagmaalviering tot die meeste stigting reël. Hierdie vryheid lei nie tot losbandigheid nie. Die vrye, selfstandige kerke beleef hulle saamhorigheid deur geen verandering aan te bring in die uitwendige seremonies wat die HERE in sy Woord voorgeskryf het nie. Vryheid, selfstandigheid in gesamentlike binding aan die Woord. Dit is 'n voorreg om gereformeerd te wees ...

## Die uitwendige seremonies

Die verskille oor nagmaalviering in ons midde gaan eintlik oor die vraag: Wat behoort tot die "uitwendige seremonies" in artikel 62? As die tafel en die beker geen deel van hierdie seremonies uitmaak nie, kan elke kerkraad selfstandig besluit of hy tot stigting van die gemeente daarvan gebruik sal maak, al dan nie. Ingeval beker en tafel daarenteen wel by die seremonies ingesluit is, moet elke kerk dit in onderwerping aan die Woord van God gebruik.

In die lig van die bepaling oor die handhawing van die uitwendige seremonies in artikel 62 gee die laaste Sinode aan studiedeputate die opdrag: Verklaar, as dit moontlik is, die woorde "uitwendige seremonies". Hierdie opdrag is betekenisvol. So 'n interpretasie sal naamlik die inhoud van die seremonies en dus die grense van die binding in artikel 62 noukeuriger aandui.

By die uitvoering van hierdie opdrag sal ten minste die volgende twee vrae beantwoord moet word. Vraag 1: Hoe het die kerke in die tyd toe die kerkorde ontstaan het, oor die seremonies gedink? Of: Wat het toentertyd behoort tot die wyses van nagmaalviering waaroor die kerke selfstandig kon besluit? Vraag 2: Wat beteken die woorde 'uitwendige seremonies' en in hoeverre is die viering van die nagmaal, soos in die Woord geopenbaar, bindend vir die kerk in alle tye en lande?

Oor die verskillende wyses van nagmaalviering kon ek uitsprake van twee sinodes in die hande kry. Die Sinode van Dordrecht van 1578 het besluit: 'Aangesien ons die staan of die sit by die bediening van die nagmaal middelmatig ag, sal die gemeentes die wyse gebruik wat elkeen die allergeskikste ag. Die kniel sonder ons uit weens die bygeloof en die gevaar om die brood te aanbid.' Op die vraag of by die bediening van die nagmaal 'n Skrifgedeelte gelees of psalms gesing sal word of nie een van beide gedoen sal word nie, antwoord die Sinode van Middelburg van 1581 sonder om sy besluit bindend op te lê: 'Dit sal stigtelik wees om beurtelings psalms te sing en (uit) Gods Woord te lees.'

Wat van lyers aan besmetlike siektes soos melaatsheid? Dieselfde Sinode gee hierdie antwoord: 'Hulle sal deelneem aan die nagmaal in 'n hoek van die tempel waar dit kan geskied, of as laastes aan die gemeenskaplike tafel.'[18] Ou gereformeerde kerke het - vir sover ek weet - nie uitgespreek dat die beker en die tafel as middelmatige dinge by die viering van die nagmaal beskou kan word nie. Hulle het in navolging van Calvyn veral die beker in die raamwerk van die hele nagmaal hoog gewaardeer.

Calvyn beskou die beker as 'n essensiële deel van die sakrament sonder om daaraan sakramentele waarde toe te ken. Hy skryf in sy weerlegging van die Roomse leer: 'Ons moet nie slegs let op dit *wat* Christus vir ons gee nie,

[16] Op 1:12-13, 20.

[17] Op 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22.

[18] Die aanhalings wat ek vertaal het, is ontleen aan FL Bos. *De orde der kerk, toegelicht met kerkelijke besluiten uit vier eeuwen.* 's Gravenhage: Guido de Bres, 1950, pp.228,230.

maar ook op *hoe* Hy dit vir ons gee. Of, anders gesê: Ons moet ag slaan op die wyse waarop Hy hom aan ons wil meedeel. Hy gee vir ons in die gedaante van die brood sy liggaam en in die gedaante van die drinkbeker sy bloed.' Hy verwys in hierdie verband na pous Gelasius se dekreet aan die einde van die vyfde eeu. Hierdie dekreet 'beveel: Almal wat hulle van die drinkbeker sal onthou, moet van die hele sakrament uitgesluit word.'[19]

Die tweede vraag waaraan studiedeputate aandag sal moet gee, lui: Wat beteken die woorde 'uitwendige seremonies' in artikel 62? Daar staan nie: Die kerke sal nie die sakrament van die nagmaal soos die Here dit ingestel het, verander nie. Die omskrywing van ons gemeenskaplike binding by die viering van die nagmaal in artikel 62 strek myns insiens verder. Met ander woorde: 'Uitwendige seremonies' behels meer as net die tekens en seëls van die nagmaal (brood en wyn) en die woorde wat die Here by die instelling gebruik het. Behoort beker en tafel daarby? Ja, antwoord die een. Nee, sê 'n ander. Waarom kom dié twee nie by mekaar uit nie?

## Skrifgesag

Met die laaste vraag kom ons by die kern van die saak uit. Waar lê die oorsprong van ons uiteenlopende gedagtes oor allerlei sake in ons tyd? Waar kom dit vandaan dat ons nie meer eensgesind dink en praat oor sake soos toelating van vroue in die besondere ampte, bywoning van kerkdienste, die onderhouding van ten minste twee eredienste op die eerste dag van die week, tugwaardige afwyking in leer of lewe, viering van nagmaal ensovoorts nie?

Ten grondslag van al hierdie vraagstukke en daaruit voortspruitende kwessies lê ons uiteenlopende gedagtes oor die gesag van die Skrif. Daaroor praat ons nie uit in ons kerklike pers en vergaderings nie. Ons twis oor allerlei sake sonder om by die kern van al die sake uit te kom.[20]

Kom ons al twistende nog by die bybelse praktyk van die godsaligheid uit? Hoe het die Godsman Timotheüs met die Ou Testament omgegaan? Wat het sy geestelike vader Paulus hom oor Skrifgesag geleer? Laat ons almal voortdurend die woorde van Paulus aan sy kind Timotheüs ter harte neem, hierdie woorde: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[21] As ons in hierdie gees luister na die Woord, sal allerlei geskille en gekibbel in ons midde soos sneeu voor die son, onder die sonlig van die evangelie verdwyn.

Ek roep hier myself, die gereformeerde broeders en susters en al Die Gereformeerde Kerke op om eensgesind, saamhorig te buig voor die HERE en sy Woord. Ons Heiland het die nagmaal histories, op 'n bepaalde tydstip, ingestel aan 'n tafel en gesê: Neem die beker, die Nuwe Verbond in my bloed en drink almal daaruit ... Wie is ons om voor sy aangesig te sê: 'U tafel en u beker beskou ons slegs as metafore, soos die beeldspraak in gelykenisse?' Wie is ons om nie meer soos Timotheüs 'verseker' te wees nie, maar orals vraagtekens te plaas, vraagtekens wat die sekerheid van die geloof by onsself en by ons broeders en susters ondermyn?

'Uitwendige seremonies'? My eerbied en liefde vir die Gasheer by die nagmaal dring my om dit - as dit enigsins moontlik is - net so te vier as wat Hy dit ingestel het, aan die tafel, as lid van sy liggaam. Ons eet saam van sy gebroke brood en drink saam uit sy beker en ons verbly ons saam oor die ondeurgrondelike swaar offer van sy lewe wat Hy ter versoening van ons sondes gebring het.

## Toetsing van die Sinodebesluit

'n Besluit wat nie by die voorafgaande oordeel aansluit nie

Hierbo[22] is reeds gewys op die oordeel van die Sinode oor die prominente plek van die beker in die Skrif en die eerste punt van sy besluit wat rekening hou met die moontlikheid dat die beker glad nie noodsaaklik is nie. Dié oordeel en dié besluit korrespondeer nie met mekaar nie. Die besluit sluit nie by die oordeel aan nie.

*Die besluit bring kerklike wanorde teweeg*

Tweedens moet ons by die toetsing aandag gee aan die inhoud van punte een tot vier van die Sinodebesluit. Punte een en twee word deur onsekerheid gekenmerk. Die Sinode sê: Ons kan nie tans tot 'n "finale interpretasie oor die beker se plek en noodsaak tydens die viering van die nagmaal" kom nie. Daar bestaan 'n "gebrek aan volle duidelikheid" oor wat die "uitwendige seremonies" in artikel 62 presies behels.

Die Sinode verklaar: Ons weet nie. Ons is onseker. Wat is die reël wat ons in die geval van onsekerheid toepas? *In dubiis abstine*: Handhaaf in twyfelagtige gevalle die *status quo*, die bestaande gewoontes of gebruike. En wag, ja wag geduldig, totdat ons die openbaring van die Here oor die betrokke saak duidelik verstaan. Waarom wag ons en studeer ons ywerig verder in die geval van onsekerheid

[19] J Calvyn. *De artikelen van de Faculteit der Heilige Godgeleerdheid te Parijs betreffende ons geloof, onze christelijke religie en de vorm onzer prediking, met de remedie tegen het venijn.* Nijkerk: Callenbach, (s.a), pp 39-40

[20] Sien vir die bewys hiervan my *U kneg hoor: ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland.* Pretoria: Printburo, 1995. Hierdie publikasie is tot dusver deur geen kerklike persoon of instansie in die kerklike pers of in 'n kerklike vergadering weerspreek nie

[21] 2 Tim 3:14-16.

[22] Onder die opskrif "Die beker".

en bring ons geen verandering in die bestaande toestand aan nie? Om te voldoen aan die bevel van die HERE: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen (soos die gebruike by nagmaalviering wysig), doen alles tot verheerliking van God."[23] In die lig van hierdie woord is enige verandering wat moontlik van die Skrif afwyk, vir Die Gereformeerde Kerke taboe.

Die Sinode handel egter nie volgens hierdie Skrifgegronde reël nie. Sy oordele word in punt een van sy besluit tot "voorskrifte" verhef. Hy spreek uit: Elke plaaslike kerk beskik "in bogenoemde voorskrifte oor genoegsame gegewens om die viering volgens Skrif, Belydenis en KO te laat geskied." Hy vervolg in punt twee: Gewetens mag "nie aan 'n bepaalde praktyk gebind word nie, solank dit geskied binne die raamwerk van bogenoemde voorskrifte." Wie bind wie se gewete, as die kerke in 'n stadium van onsekerheid hulle eeuelange tradisie van nagmaalviering handhaaf en eers seker wil maak dat moontlike veranderinge nie teen Gods wil ingaan nie?

Self onseker, gee die Sinode aan die kerke volle vryheid van handeling. Elke kerk moet volgens punt 3 van die besluit binne die raamwerk van die sogenoemde voorskrifte selfstandig oordeel oor die spesifieke wyse wat tot die beste stigting van die betrokke kerk kan dien. Die vraag of die beker tot die uitwendige seremonies behoort, kom in hierdie verband nie meer ter sprake nie. Die Sinode doen ten slotte in punt 4 "'n beroep op alle kerke om met bogenoemde gegewens hulle voor God te verantwoord in die uitvoering van hul Godgegewe roeping."

Die Sinode wat nie tot 'n stellige uitspraak oor die gebruik van die beker kan kom nie, laat elke plaaslike kerk toe om wel 'n stellige uitspraak hieroor te doen en gevolglik na eie goeddunke te handel. Sy besluit kan nie anders as kerklike chaos en eiewillige optrede teweegbring nie, 'n wanorde wat die periode van die rigters eietyds laat terugkeer. "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë."[24] Onse God is egter "nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges,"[25]ja, in al die gemeentes: selfstandige kerke wat in Skrifbeginselsake saamstaan.

Diensbaar aan hierdie orde en aan die eenheid van die kerke moes die Sinode in die lig van die bostaande besluit het: Aangesien ons tans nie tot eenstemmigheid oor die betekenis van die beker en die tafel by die viering van die nagmaal kan kom nie, besluit die Sinode tot

* voorlopige handhawing van die tradisionele viering in Die Gereformeerde Kerke,
* voorlopige onderhouding van die besluite van Sinodes van 1927 en 1930 en
* die benoeming van studiedeputate met opdrag om met inagneming van die bogenoemde besluite en die *Handelinge* van hierdie Sinode die volgende Sinode oor die viering van nagmaal ooreenkomstig artikl 62 van die kerkorde te adviseer.

*Die besluit is innerlik teenstrydig*

Na die bespreking van punte een tot vyf van die voorstel van sy kommissie voeg die Sinode 'n sesde punt toe en verhef dit saam met punte een tot vyf tot sy besluit. Punt ses lui: "Die 'Sinode beklemtoon die handhawing van KO, art. 31 en vestig die aandag van die kerke opnuut op die Sinodebesluite van 1927 en 1930."

Hierdie toevoeging sonder die grondige wysiging van punte een tot vyf maak die Sinodebesluit innerlik teenstrydig. Punte een tot vyf sê: Elke kerk moet maar self besluit oor sake waaroor die Sinode nie seker is nie. Hierdie deel roep die kerke tot selfstandige besluitneming en optrede. Punt ses roep die kerke om die besluite van vorige sinodes te handhaaf, artikel 31 van die kerkorde te onderhou en dus nie selfstandig te besluit en op te tree nie.

Hierdie volstrekte teenspraak vererger die kerklike chaos wat die besluit in punte een tot vyf teweegbring. Dit veroorsaak dat kundiges in die kerkreg op grond van die besluit teenstrydige advies gee. Die een adviseer: Punt ses kan nie punte een tot vyf tot niet maak nie. Elke kerk kan dus maar selfstandig oor die gebruik van beker en/of kelkie besluit. Die ander stel hierteenoor: Punte een tot vyf kan nie punt ses tot niet maak nie. Die kerke behoort nie selfstandig oor die gebruik van beker en/of kelkie te besluit nie.

## Advies

Die kerke kan in die lig van die toetsing nie die Sinodebesluit vir vas en bindend hou nie. Hierdie besluit sluit nie by die voorafgaande Sinode-oordeel aan nie. Dit bring tweedens kerklike wanorde teweeg. Derdens is die besluit innerlik teenstrydig insake die bevoegdheid of die plaaslike kerke selfstandig hieroor kan besluit. Die kerke formuleer die bewys, waarom punte een tot ses nie vir vas en bindend gehou mag word nie en lê dit aan die eersvolgende Klassis voor.

Die kerkraad versoek die Klassis om die bewys na instemming en moontlike verbetering by die volgende Partikuliere Sinode in te handig. Die Klassis versoek die Partikuliere Sinode om die bewys na instemming ter tafel van Sinode 2000 te bring. Die Klassis besluit om intussen te handel ooreenkomstig die besluite oor nagmaalviering wat voor die laaste Sinode geneem is, die besluite van 1927 en 1930.

[23] 1 Kor 10:31.

[24] Rig 17:6; 21:25: Die teksverband wys op die eiewillige optrede van Miga en van Israel teenoor die stam Benjamin.

[25] 1 Kor 14:33; vgl. die opdrag in vers 40.

Ingeval die Klassis nie met die kerkraad saamstem nie, herbesin die kerkraad oor die gronde wat die Klassis vir die afwysing van die kerkraad se bewys aangevoer het.

Op die kerklike weg kan hierdie besluit ordelik geweeg en deur die volgende Sinode DV ongedaan gemaak word.

Die kerke kan punt sewe van die besluit: die benoeming van studiedeputate en die opdrag aan hulle ooreenkomstig artikel 31 van die kerkorde ratifiseer.

Lesers wat met hierdie toetsing en beoordeling saamstem, kan hierdie artikel of die sake wat daarin aan die orde gestel is, aan hulle kerkrade oordra om 'n helpende hand by die ratifikasie te bied.

Laat ons veral in al hierdie werksaamhede die HERE aanroep en Hom smeek dat Hy sy kerke in ons land en wêreldwyd saamhorig laat bly in die eenheid van die ware geloof. Tot eer van sy Naam en tot behoud van teenswoordige en toekomstige geslagte. En mag Hy die uitroeptekens van die geloof gebruik om mense in 'n wêreld vol vraagtekens tot Hom te trek in die sekerheid van die ware geloof.

# Neergedaal na die hel

## *Ekumeniese belydenisse en die blywende inwoning van die Gees*

**Wat bely ons met die woorde: Ons Here Jesus Christus het neergedaal na die hel? Die betekenis van hierdie woorde in die Apostoliese Geloofsbelydenis en in artikel 38 van die Belydenis van Athanasius word misverstaan. Die misverstand het aan die lig gekom in 'n ondersoek wat by lidmate in die verband van Die Gereformeerde Kerke ingestel is. Hierdie artikel bespreek hoe die saak op die sinodetafel gekom het, wat die Sinode besluit het en wat die kerke myns insiens na aanleiding van die besluit behoort te doen.**

Die belydenis oor ons Heiland se neerdaling na die hel kom in die Sinode van 1964 ter sprake na aanleiding van 'n beswaar wat 'n broeder ingehandig het. Die Sinode handhaaf nie die beswaar nie en wys die broeder op die duidelike verklaring van die omstrede woorde in antwoord 44 van die Heidelbergse Kategismus.

'n Partikuliere Sinode dien twee besware teen dié Sinodebesluit in by die Sinode van 1997.[1] Hy vermeld die uitslag van die genoemde ondersoek by kerklede. Daaruit spruit sy eerste beswaar: Die Sinode van 1964 het nagelaat om die misverstand oor die belydenis van Christus se neerdaling na die hel te behandel. Sodoende het hy dit nie weggeneem nie en kan dit tot vandag voortbestaan.[2]

Die tweede beswaar van die Partikuliere Sinode gaan oor die Sinode van 1964 se verwysing na antwoord 44 van die Kategismus. Die Partikuliere Sinode sê: Die Sinode van 1964 sien kennelik probleme in die woorde 'en neergedaal het na die hel'. Die Sinode spreek egter nie hierdie probleme aan nie. Hy "probeer dit slegs wegverklaar vanuit 'n ander Belydenisskrif," naamlik vanuit antwoord 44 van die Kategismus.[3]

Die Partikuliere Sinode versoek die Sinode om die omstrede woorde in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenis van Athanasius "te herbewoord" in lyn met antwoord 44 van die Kategismus en om die 'herbewoorde' sinsnede in die twee belydenisse te plaas waar dit eintlik tuishoort.[4]

### Die Sinodebesluit

Die Sinode besluit dat die besware van die Partikuliere Sinode slaag. Hy voldoen derhalwe aan die versoek in die beswaarskrif deur studiedeputate te benoem. Die deputate ontvang vier opdragte.

1. Hulle moet die woorde "neergedaal het na die hel" volledig ondersoek en die volgende Sinode oor 'n moontlike herbewoording of hervertaling adviseer.
2. Hulle moet ondersoek instel na die moontlikheid van 'n duideliker plasing van die woorde in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenis van Athanasius.
3. Hulle moet al die implikasies van so 'n herbewoording of hervertaling en moontlike herplasing van die woorde vasstel en die volgende Sinode daaroor adviseer.
4. Hulle moet skakel met korresponderende kerke en met binnelandse kerke van dieselfde belydenis deur middel van respektiewelik Deputate Korrespondensie met Buitelandse Kerke en Deputate Ekumeniese Sake.[5]

Kom, ons toets die besware en veral punte een en twee van die besluit om sodoende te kan bepaal hoe ons kerklik in hierdie saak behoort op te tree.

[1] Sien 571-574 oor die besware en die Sinodebesluit.

[2] 571-572.

[3] 572.

[4] 573.

[5] 574.

## Afwyking van die leer van die Skrif is die enigste wettige grond vir verandering van belydenis-uitsprake

Die ondersoek by gereformeerde lidmate het getoon dat daar by hulle misverstand bestaan oor die belydenis van Christus se neerdaling na die hel. Dit is 'n ernstige saak wat grondige aandag vereis. Kerkrade behoort hulle af te vra: Waar lê die oorsprong van die misverstand? Word die leer van die kerk genoegsaam in die prediking, die kategetiese onderrig en in die huisgodsdiens by volwassenes en kinders ingeprent?[6] Word belydende lede uit kerkgemeenskappe buite die kerkverband dalk sonder voldoende voorafgaande ondersoek en - indien nodig - kategese vir volwassenes as lidmate toegelaat?

Die Sinode het die kerke in sy besluit na aanleiding van die rapport oor dalende lidmaatgetalle tot selfbeproewing opgewek. Dit het reeds in hierdie artikelreeks ter sprake gekom. Die noodsaak van hierdie selfbeproewing word deur die genoemde ondersoek by die lidmate beklemtoon. Waarheen gaan Die Gereformeerde Kerke in hulle prediking, kategetiese onderrig en huisgodsdiens? Wat moet ons doen om die gereformeerde identiteit, 'n gawe wat ons uit genade ontvang, dankbaar op te pas en eietyds te bewaar?

Ons hoor die besorgde ondertoon in die beswaarskrif van die Partuliere Sinode. Die broeders wil reformeer. Wie sal nie met hulle saamstem nie?

Tog moet die kritiese vraag gestel word: Is aanwysbare misverstand van die belydenis oor Christus se neerdaling na die hel by lidmate 'n wettige grond vir moontlike verandering van die teks of inhoud van die belydenis? Die kerk bely in die konfessie die leer van die Skrif. Daarom kan, ja moet enige uitspraak van die belydenis slegs op grond van strydigheid met die Woord verander word. Nog die Partikuliere nog die Nasionale Sinode lewer enige bewys dat die belydenis van Christus se neerdaling na die hel van die leer van die Skrif afwyk. Hierdie gebrek aan bewys maak die eerste beswaar ongeldig.

Maar wat van die misverstand oor die betekenis van Christus se neerdaling na die hel? Hierdie en ander misverstande behoort in prediking, katkisasie, huisgodsdiens en in die kerklike pers opgeklaar te word. Om - hoe goed ook al bedoel - misverstand as rede vir verandering van die belydenisteks aan te voer en te erken, misken die enigste wettige grond vir wysiging van die belydenis: afwyking van die leer van die Skrif.

Die eerste beswaargrond is in die lig van die bestaande ongeldig. Dit is ongeldig omdat

* nie bewys is dat die belydenis van Christus se neerdaling na die hel met die leer van die Skrif in stryd is nie en
* die enigste grond vir verandering van belydenis-uitsprake, naamlik afwyking van die leer van die Skrif, misken word.

## Kerke toets besware teen belydenis-uitsprake aan die leer van die Skrif

Die Partikuliere Sinode voer as tweede beswaar aan: Die Sinode van 1964 erken wel probleme met die woorde 'wat neergedaal het na die hel', maar spreek die probleme nie aan nie. Inteendeel, hy probeer dit slegs "wegverklaar" deur te wys op die Kategismus, antwoord 44. Ook hierdie beswaar slaag by die laaste Sinode.

Die "talle probleme" met die woorde van hierdie belydenis is volgens die Sinode van 1964 "tekskrities en taalkundig".[7] Dit is dus suiwer teologiese probleme wat op teologiese vakterreine soos die dogmageskiedenis en die simboliek bestudeer word. Teoloë ondersoek wetenskaplik die verskillende betekenisse wat in die loop van die geskiedenis aan die betwiste woorde toegeken is. Wetenskaplike ondersoek behoort egter nie tot die takepakket van die kerklike vergaderings nie.

Hoe nou verwant hulle ook al is, moet kerklike en teologiese besinning terdeë van mekaar onderskei word. Die kerke word nie geroep om die belydenis teologies-histories te verklaar nie. As daar enige beswaar ingebring word, toets hulle die betwiste belydenis-uitspraak aan die leer van die Skrif.

Die Sinode van 1964 het die onderskeid tussen kerklike en teologiese sake sorgvuldig gehandhaaf. Hy het teologiese geskille oor die belydenis van die Here se neerdaling na die hel net aangedui en verder daargelaat. Sodoende het hy binne die perke van artikel 30 van die kerkorde gebly. Hy het nie teologiese sake nie, maar kerklike sake behandel.

Die Sinode van 1964 hou verder in sy hele besluit vas aan die reël: Kerke mag 'n beswaar teen 'n belydenis-uitspraak uitsluitlik aan die leer van die Skrif toets. Hy hou hierdie reël wat hy self toepas, ook voor aan die broeder wat 'n beswaarskrif by hom ingehandig het. Verwysend na die duidelike verklaring van Christus se neerdaling na die hel in antwoord 44 van die Kategismus, merk die Sinode op: Die broeder opper geen beswaar teen hierdie Kategismus-antwoord nie.[8] Met ander woorde: Dit moes hy gedoen het om 'n wettige kerklike beswaar in te dien.

Hierdie Sinode het konsekwent volgens artikel 30 van die kerkorde gehandel. Hy het

[6] Vgl. o.m. Deut 6:6-7; Ps 78:3-8; Ef 6:4.

[7] *Handelinge van Die Vyf-en-dertigste Sinodale Vergadering van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, 1964, p. 110.

[8] Ibid.

[9] Matt 16:18.

[10] Matt 28:20.

[11] Sien o.m. 1 Kor 3:16; 2 Tim 1:14.

[12] NGB, art. 27.

[13] 1 Kor 12:3.

[14] Vgl. o.m. Rom 10:9; Fil 2:11. Hierdie belydenis is moontlik ontleen aan Thomas se belydenis in Joh 20:28.

[15] Vgl. 1 Tim 6:20 in verband met 2 Tim 3:14-15.

teologiese sake uitgesluit en die kerklike beswaar teen 'n belydenisuitspraak op kerklike wyse behandel. Hy het verder die beswaarde broeder liefdevol daarop gewys om besware teen die belydenis op uitsprake van Skrif en belydenis te grond.

Die Partikuliere Sinode wat in sy tweede beswaar suggereer dat hierdie Sinode ten onregte nie (teologiese) probleme aangespreek het nie en beweer dat die verwysing na antwoord 44 die belydenis van Christus se neerdaling na die hel "wegverklaar", maak in feite beswaar teen die onderhouding van artikel 30 van die kerkorde deur die Sinode van 1964. Derhalwe is ook hierdie beswaar ongeldig.

## Die twee besware en artikel 46 van die kerkorde

Artikel 46 van die kerkorde bepaal: Besluite van voorgaande sinodes word nie sonder geldige rede herroep nie. Dit moet "noodsaaklik geag word om iets te verander." Die twee besware van die Partikuliere Sinode bewys nie uit die Skrif, die belydenis of die kerkorde dat die 1964-besluit oor die belydenis van Christus se neerdaling na die hel verander moet word nie. Daarom is die besware wat nie aan die vereiste van artikel 46 van die kerkorde voldoen nie, ongeldig.

Hoe sal kerkrade op die Sinodebesluit reageer? Eerstens is die woorde dat ons Here Jesus neergedaal het na die hel, nog nie verander nie. Tweedens moet ons vasstel dat die Sinode studiedeputate benoem het met die opdrag om die vyf betwiste woorde "volledig te ondersoek." Ons kan nie anders nie as om dié ondersoek se resultate af te wag. Intussen sal ons waaksaam moet wees. Hoe? Waarteen? Die advies in verband met hierdie vrae word aan die einde van hierdie artikel gegee.

## Ekumeniese eenheid in leer

Die moontlike verandering en die herplasing van woorde wat die studiedeputate moet voorstel, raak twee van ons drie ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenis van Athanasius. Ekumenies beteken: Dié belydenisse is die kosbare besit van die kerk in alle lande en in alle tye.

Ons ervaar in die ekumeniese belydenisse, dat die HERE beloftes vervul: "Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."[9] "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."[10] Die verheerlikte Christus stort sy Gees uit wat in sy kerk woon.[11] In sy krag is dit dat elke gelowige persoonlik en die kerk as die vergadering van die gelowiges[12] bely.

"Niemand wat deur die Gees van God spreek, (kan) Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees."[13] Die belydenis 'Hére is Jesus' is al in die oudste Christelike kerk 'n vasstaande belydenis wat waarskynlik by die doop uitgespreek is.[14]

Die Gees wat in die kerk van alle tye en lande woon, laat bely. Een van die vrugte van sy deurgaande werk in alle eeue en in alle lande is die volstrekte handhawing van die ekumeniese belydenisse. Gereformeerde kerke is konserwatief in hulle vooruitgang. Ekumeniese belydenisse is van die kosbare besittings wat die ekumeniese eenheid in leer verwoord.

Gereformeerde kerke torring selfs nie aan die teks daarvan nie, ook nie in oorleg met die korresponderende kerke nie. Die ekumeniese kerk is immers nie slegs wêreldwyd verenig en sodoende net vandag se kerk nie. Die Gees verbind die hedendaagse ekumeniese kerk ook in die een belydenis van die een leer met die kerk in die verlede. Ons bou op die skouers van ons voorgeslagte. Die HERE vertrou die pand van sy Woord[15] ook deur middel van die vroeëre kerk se ekumeniese belydenisse aan ons toe. Dit is kerklike besit wat ons nie diskusseer nie. Een van die besittings is ons algemene, ongetwyfelde, Christelike geloof wat ons in die erediens bely.

## Eenheid in diens

Ja, behalwe die eenheid in leer kom - deur getorring aan die tekst van die ekumeniese belydenisse - ook die eenheid in diens in diskussie. Wanneer ons enige bewoording van die geloofsbelydenis wat ons in die samekoms van God se volk hoor lees of saam sing, verander, ontneem dit die gelowige sy wete en bewussyn dat hy of sy deel van die kerk van alle lande en tye uitmaak. Wat 'n voorreg is dit om by die geloofsbelydenis in die erediens ekumenies bewus te wees. Ek bely my geloof saam met al God se kinders hier en orals. Ek bely my geloof saam met al die gelowiges in die dae van Augustinus, Calvyn, Dirk Postma, ja met die kerk van die eeue.

Mag ons dié eenheid in diens eenvoudig bewaar. In die krag van die Heilige Gees. Sonder enige diskussie daaroor.

## Advies

In die lig van die bostaande adviseer ek die lede van Die Gereformeerde Kerke (met insluiting van die kerkrade) om na aanleiding van die Sinodebesluit die volgende te doen:

* Neem kennis van die besluit oor die moontlike verandering van die belydenis dat die Heiland na die hel neergedaal het, omrede die teks van hierdie belydenis (nog) nie verander is nie.

* Pas artikel 46 van die kerkorde toe by inhandiging en beoordeling van besware teen enige belydenis-uitspraak. Dit wil sê: 'n Beswaarde moet uit die Skrif, die belydenis en/of die kerkorde bewys waarom die besluit van 'n voorgaande sinode ongeldig is.
* Besware teen enige uitspraak van die belydenis moet met inagneming van twee reëls beoordeel word:
  1 Die enigste wettige grond vir verandering van belydenis-uitsprake is afwyking van die leer van die Skrif.
  2 Kerklike vergaderings toets besware teen belydenis-uitsprake uitsluitlik aan die leer van die Skrif.
* Wees waaksaam by die lesing van die toekomstige rapport van studiedeputate:
  - Stel vas in hoeverre hierdie rapport voldoen aan artikel 46 van die kerkorde soos hierbo toegelig.
  - Stel vas of die rapport aan die twee bogenoemde reëls voldoen.
  - Stel vas of die rapport die ekumeniese karakter van die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenis van Athanasius handhaaf.
* Bid die HERE om voortdurende geloofsekerheid in 'n tyd waarin dit besonder geleerd klink om alle sekerhede te bevraagteken, waarin selfs die algemene, ongetwyfelde, Christelike geloof deur sogenaamde gereformeerde teoloë en hulle volgelinge betwyfel word.[16]

[16] Sien byvoorbeeld HM Kuitert. *Het algemeen betwyfeld christelijk geloof: een herziening.* Baarn: Ten Have, 1992

# VROULIKE AMPSDRAERS IN CHRISTUS SE KERK?

**Mag vroulike lidmate toegelaat word om besondere ampte in die kerk van Christus te beklee? Wat leer die Woord oor die vrou se posisie in die gemeente? Die antwoorde op hierdie vrae is uiteenlopend. Twee van ons partikuliere sinodes het die kwessie van verkiesbaarheid van vroue tot die besondere ampte ter tafel van die laaste Sinode gelê.**

In ons kerkverband is die eerste Sinode wat die posisie van die vrou op sy agenda het, dié van 1979. Studiedeputate bring nege jaar later, in 1988 se Sinode hieroor rapport uit. Hierdie Sinode benoem 'n kommissie van pre-advies. Hy besluit na die bespreking van die rapport en die advies van die kommissie om die *status quo* te handhaaf. Vroue behoort nie besondere ampte in die kerk te bedien nie.

Een van die partikuliere sinodes dien besware teen die besluite van 1988 by die Sinode van 1994 in. Die Sinode wys die besware af. 'n Partikuliere Sinode in dieselfde ressort kom opnuut in 1997 met 'n beswaarskrif teen besluite van 1988. 'n Ander Partikuliere Sinode dien by die Sinode van 1997 'n beskrywingspunt oor die posisie van die vrou in die kerk in. Die laaste Sinode neem twee besluite wat sodanig met mekaar saamhang dat dit as een besluit beskou en bespreek kan word.[1]

## Die besware

Die beswaarde Partikuliere Sinode het formele en materiële besware teen die besluite van 1988. Die formele beswaar gaan oor die besluite van die Sinode met betrekking tot twee aanbevelings. Die broeders vertel: Eerstens is aanbeveel dat die rapport van die studiedeputate vir bestudering aan die kerke beskikbaar gestel behoort te word en dat die kerke terugvoering van hulle studie aan die studiedeputate kan gee. Tweedens is aanbeveel dat die Sinode weer studiedeputate benoem. Die Sinode van 1988 het beide aanbevelings afgekeur.

Die Partikuliere Sinode stel die afwysing van verdere studie in die lig van die deputate-rapport. Die broeders merk op dat daar blykens die rapport nog onduidelikhede oor die posisie van die vrou was. Derhalwe was die saak nie afgehandel nie. Hulle beswaar is dat die Sinode die nie afgehandelde saak wel as afgehandel beskou het.[2]

Materieel het die Partikuliere Sinode drie besware: Die eerste beswaar is gerig teen die hantering van die Skrif deur die Sinode van 1988. Die "saak van besondere dienste" word volgens die broeders "ingedra in 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35."[3] Die broeders meen ook - dit is hulle tweede materiële beswaar - dat die besondere amp "op so 'n wyse van die amp van gelowige onderskei word dat dit wesenlik iets anders word."[4] Die Partikuliere Sinode voer as derde materiële beswaar teen die besluit van 1988 aan: "Die wesenlike verandering wat die nuwe verbond of eskatologiese aard van die kerk vir die vrou gebring het, word nie verdiskonteer (in berekening gebring) nie."[5]

Ons kan in die bespreking die eerste en derde materiële beswaar saamvoeg. Altwee handel oor die wye konteks van die Skrif in verband met die posisie van die vrou. Die tweede beswaar behels spesifiek die onderskeid tussen die besondere amp en die amp van gelowige.

[1] 546-559.

[2] 546-547:1; 547-549:2.1.

[3] 549-553:2.2.1.

[4] 553-555:2.2.2.

[5] 555-557:2.2.3.

## Die beskrywingspunt

In die beskrywingspunt wat die laaste Sinode behandel het, stel 'n Partikuliere Sinode die posisie van die vrou in die kerk aan die orde met die oog op die korrespondensie met buitelandse kerke. Hierdie Partikuliere Sinode vra: Watter ooreenkomste en watter verskille mag daar tussen korresponderende kerke bestaan? Hoe raak moontlike verskille ons kerklike eenheid?[6]

Die Partikuliere Sinode bring in sy beskrywingspunt die grense van toleransie ter sprake. Dit is die grense waarbinne die kerke nasionaal en internasionaal moet bly om die eenheid in leer, diens en tug te bewaar.

## Die Sinodebesluit

Die Sinode oordeel oor die beswaarskrif "dat weens tydsgebrek en die omvang van toetsing van die eksegese van die beswaardes en die Sinode (van 1988), dit nie moontlik is om staande hierdie Sinode tot 'n weldeurdagte en gemotiveerde aanbeveling te kom nie." Hy besluit om die beswaarskrif na studiedeputate te verwys om Sinode 2000 daaroor te adviseer.[7]

In sy besluit oor die beskrywingspunt dra die Sinode aan dieselfde deputate op om insake die posisie van die vrou in die kerk

* relevante besluite van ons sinodes (via die deputate korrespondensie met buitelandse kerke: DKBK) aan korresponderende kerke te stuur,
* relevante besluite van korresponderende kerke (via DKBK) aan te vra, te bestudeer en "die ooreenkomste en verskille aan" Sinode 2000 "uit te wys" en
* dié Sinode te adviseer oor die implikasies van die verskille vir kerklike korrespondensie.[8]

Omdat die aangewese studiedeputate die afhandeling van die beswaarskrif en die voorstel in die beskrywingspunt vir die volgende Sinode moet voorberei, kom sommige vrae hier nie ter sprake nie. Die vraag of die Sinode die beswaarskrif mag behandel (die ontvanklikheid daarvan) en die formele besware wat teen die besluite van die Sinode van 1988 ingebring is, bly hier buite beskouing.

## 'n Middelmatige of 'n beginselsaak?

Vroulike ampsdraers in Christus se kerk? Die Skriflig skyn helder. Die helder lig word om allerlei redes nie altyd in die kerk direk opgemerk nie. So lank as wat ons nie volstrekte duidelikheid het nie, laat ons mekaar vry. In die tyd van onsekerheid aanvaar ons selfs uiteenlopende standpunte oor 'n saak. So lank as wat die onsekerheid voortduur, word daar aan geen standpunt gebind nie en word so 'n saak as 'n middelmatige saak beskou. Die kerkorde bepaal met die oog op die korrespondensie: "In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie."[9]

Hoe moet die uiteenlopende standpunte oor die posisie van die vrou in die kerk gekwalifiseer word? Moet ons dit tydelik verdra, aangesien ons tot vandag geen sekerheid daaroor het nie? Is dit voorlopig 'n middelmatige saak? Of is dit 'n beginselsaak, 'n saak waaroor die lig van Gods Woord helder skyn, die lig waarin die kerk van alle eeue gewandel het?

Die posisie van die vrou in die kerk was tot dusver in die kerk 'n beginselsaak. Sy is nooit deur ons voorgeslagte tot die bediening van die besondere ampte toegelaat nie. Moontlik het ons vadere die Skrif nie duidelik verstaan nie en die vroulike lidmate ten onregte uit die amptelike dienste geweer. Dit behoort dan onomstootlik uit die Skrif aangetoon te word. Gereformeerde kerke sal alleen op grond van die Woord 'n ou begsinsel afwys of toelaat dat 'n ou beginselsaak tydelik tot die vlak middelmatigheid afgebring mag word.

Toon die beswaarskrif van die Partikuliere Sinode duidelik uit die Skrif aan dat die kerk altyd oor die posisie van die vrou in sy midde misgetas het? Dit gaan in hierdie artikel oor die beantwoording van dié vraag. En oor nog iets anders ...

## Die besondere amp en die amp van gelowige

Die Partikuliere Sinode "maak beswaar dat die 'besondere diens' op so 'n wyse van die 'amp van die gelowige' onderskei word dat dit wesenlik iets anders word."[10] Die broeders stel teenoor hierdie onderskeid die ooreenkoms van "amp en charisma" (die genadegawes van alle kerklede). In die beswaarskrif val die nadruk op die dienskarakter van die besondere amp en die amp van gelowige. Dié beklemtoning bring die Partikuliere Sinode tot uitsprake soos: "Die verskil tussen die amp en die charisma (van elkeen) is nie prinsipieel nie, maar funksioneel."[11] "Elke 'amp' is bediening van Christus. Enige byvoegsel van 'hoër posisie' a la manlike primaat lei tot korrupsie van die inherente dienskarakter van die amp en charisma."[12]

Die broeders sê tereg dat amp diens is, diens aan die Hoof van die kerk, bediening van sy versoening. Dit gaan egter in die besinning oor die posisie van die vrou nie slegs oor die *dienende* nie, maar veral oor die *voorgaande*

[6] 558:1-2.

[7] 558.

[8] 559.

[9] KO, art. 85.

[10] 553:2.2.2.

[11] 553; vgl. 554.

[12] 555.

karakter van die amp. Die HERE noem sy ampsdraers voorgangers, ouderlinge, opsieners, herders. Die geskil gaan oor die vraag: Mag aan vroulike lidmate die diens van 'n voorgangers-amp toevertrou word?

Die amp van voorganger in die Skrif kom in die beswaarskrif selfs nie ter sprake nie. Die saak waaroor dit gaan, bly buite sig. Die oudste Christelike kerk het begaafde susters in sy midde, onder andere Maria, die moeder van Jesus.[13] Was dit in die woorde van ons broeders 'n "byvoegsel van die 'hoër posisie' al la manlike primaat", toe die apostels die gemeente oproep om na sewe manne (let wel: manne) uit te kyk om in die amp van diaken te dien?[14] Het die verkiesing van die eerste diakens reeds "tot korrupsie van die inherente dienskarakter van die amp en charisma gelei?"

Die Skrifbewys wat die broeders oor die amp lewer, gaan verby aan dit wat die Skrif oor die karakter van die amp, die dienende voorgaan in die gemeente, leer. Daarom is dié Skrifbewys ondeugsaam. Die krag van oortuiging ontbreek. In plaas van om 'n sorgvuldig oorwoë beroep op die Woord te doen, werp die broeders 'n beskuldiging na hulle wat in die lig van die Skrif die toelating van susters tot die bediening van die besondere ampte ontoelaatbaar ag. Hierdie oortuiging lei volgens die beswaarskrif tot korrupsie van die dienskarakter van amp en charisma, ja van altwee. Ek dink nie dat so 'n ongegronde en kwetsende veroordeling in 'n beswaarskrif met die vereiste omgang in die gemeenskap van die heiliges strook nie.[15]

## Die eenheid van die Skrif

Onder die vorige opskrif is die ongegrondheid van die Partikuliere Sinode se Skrifberoep voldoende aangetoon om die beswaarskrif prinsipieel af te wys. Behalwe die onjuiste Skrif*beroep* moet ook en met name die Skrif*gebruik* in die beswaarskrif nog ons aandag ontvang ten einde die Bybel eensgesind te kan lees en verstaan.

Met die oog op die posisie van die vrou in die kerk stel die beswaarskrif "die wesenlike verandering wat die nuwe verbond" gebring het.[16] Ons lees verder: "Daar is duidelike Skrifgegewens dat die sg. *'skeppingsinstelling'* van manlike hoofskap in die gemeente van die eskaton (eindtyd) grondig gerelativeer word."[17] Gal 3:28 is volgens hulle "'n kernuitspraak" oor die posisie van die vrou. "Die skerp onderskeiding van Jood en Griek (volksmatig), slaaf en vryman (sosiaal) en man of vrou (geslagtelik) maak nie saak nie. Almal is een." Die broeders sê: Paulus skaf weliswaar nie die slawerny of die "manlike juk" af nie, maar "net soos hy slawerny van binne uithol deur op die nuwe posisie in Christus van slaaf en eienaar te wys, word die hoofskap van die man en die onderdanigheid van die vrou evangelies gekwalifiseer sodat die vrou werklik vry is."[18]

Bring die nuwe verbond wesenlike verandering? Die antwoord in die beswaarskrif lui bevestigend en word konsekwent volgehou. Uit die feit dat die Heilige Gees deur die apostel Paulus verskillende argumente teen die toelating van vroue tot die bediening van besondere ampte aanvoer, lei die Partikuliere Sinode af: "Dit is dus inderdaad nie so maklik om uitgaande van 'n 'skeppingsordinansie' wat vroue se onderworpenheid/onderdanigheid sou leer, blywende Goddelike bepalings oor vroue in besondere dienste af te lei nie."[19] So word Skrifgetuienisse soos "Adam is eerste gemaak, daarna Eva"[20] in die besinning oor toelating tot besondere ampte eenvoudig genivelleer, geskrap.

Die mening dat die nuwe verbond wesenlike verandering behels, is gegrond op die ou en telkens in ander gewaad terugkerende dwaling van 'n mindere of meerdere teenstelling tussen die ou en nuwe verbond, tussen die Ou en Nuwe Testament. Wesenlike verandering tussen die ou en nuwe verbond of testament beteken dat onse HERE 'n god is wat homself weerspreek. Onse God 'praat nie uit twee monde nie.' Miskenning van die eenheid van die Skrif dryf die wig in die een Woord van God en eerbiedig nie die HERE se onveranderlikheid en die betroubaarheid van sy Woord nie.

Verlossing (ook van die vrou) beteken geensins 'n breuk met die skepping en met die bepalings van die skeppingsverbond nie. Nee, verlossing is herstel van die ou, Godgegewe posisies, ook van die posisies van man en vrou in die paradys.[21] Ons bely oor die Woord: "Dit is die heilige en Goddelike Skrif."[22] Die Skrif is een. Die God van die paradys is dieselfde God van Paulus en van ons! Die Onveranderlike verander nie sy woorde nie.

Omdat die Woord een is, verander daar wesenlik niks in die nuwe verbond nie en bestaan daar geen teenstelling tussen die ou en die nuwe verbond nie. Nee, die heils- en openbaringsgeskiedenis gaan voort, van minder na meer. Na gelang die heilsgeskiedenis vorder, laat die HERE steeds minder afwyking van die paradys-posisie toe.[23]

Die paaie gaan nie uiteen in die besinning oor die posisie van die vrou in die kerk nie. Die geskil lê dieper. Ons verskille oor die posisie van die vrou lê in die verlengde van die beginpunt waar die paaie in der waarheid skei. Die aanvaarding van die *eenheid* van die Skrif en die nie-aanvaarding daarvan is die uitgangspunte waaruit die uiteenlopende Bybel*gebruik* voortkom.

Een treffende voorbeeld van uiteengang in Bybelgebruik is genoeg om die diepte van

13 Hand 1:14.

14 Hand 6:3.

15 Vgl. HK, antw. 55 en 112.

16 555:2.2.3.

17 556: Die beswaarskrif verwys in hierdie verband na Ef 5:21 en 1 Kor 11:2-16.

18 557.

19 553.

20 1 Tim 2:13; sien ook FJ van Rensburg se verklaring van 1 Tim 2:8-15 in *Die Bybel in praktyk*. Hy merk op: Ons moet "nie die gesag van die Skrif aantas deur aan hierdie uitsprake van Paulus ewige en universele krag te gee nie." Ek verstaan: Ons moet net die teenoorgestelde doen as wat die Skrif hier sê om die gesag van die Woord te eerbiedig?!

21 Sien byvoorbeeld Paulus se verwysing na die skepping in 1 Tim 2:14 in die lig van Christus se verwysing in Matt 19:8 na die paradysverbond in verband met die egskeidingsvraagstuk.

22 NGB, art. 3; sien ook artt. 4-7.

23 Vgl. Matt 19:8.

hierdie geskil te illustreer. Die Partikuliere Sinode sê: Gal 3:28 is "'n kernuitspraak" wat die wesenlike gelykheid van alle lidmate bewys. Paulus propageer gelykheid, in teenstelling met die ongelyke paradysposisies van man en vrou. Dit kan met handhawing van die geloof aan die eenheid van die Skrif eenvoudig nie waar wees nie.

'n Gesaghebbende gereformeerde geleerde in die Nuwe Testament wat die eenheid van die Skrif bely, skryf oor hierdie teks: 'Die gelykheid van *genade* is wat anders as 'n gelykheid van die *begenadigdes*. Daaroor handel Galasiërs 3 nie. Gelyke genade hef nie ongelykheid op nie. Genade is nie 'n gelykmaker nie. 'n Slaaf bly 'n slaaf en moet aan sy heer gehoorsaam wees. Hy sal dit as kind van God veel beter kan doen. 'n Vrou bly 'n vrou en moet nie as die gelyke van die man optree nie. As begenadigde deur God sal sy dit as 'n gebod van God aanvaar.'[24] By eerbiedige luister na die Woord lewer die sogenaamde "kernuitspraak", wat die Partikuliere Sinode aanvoer, nie die minste bewys vir die verandering van die vrou se posisie in die kerk aan die einde van die twintigste eeu nie. Die broeders lees in die teks in wat daar glad nie staan nie.

Kort saamgevat kom die verskil van gedagtes oor die toelating van vroue tot besondere ampte uit die geskil oor die eenheid van die Skrif voort. Dit blyk behalwe in allerlei teologiese geskrifte ook uit en uit in die beswaarskrif wat by die Sinode ingehandig is. Wie die eenheid van die Skrif aantas, eerbiedig nie meer die gesag van Hom wat ons aanspreek nie. Ons professor in die Nuwe Testament het enkele jare gelede tereg opgemerk: "Ons gereformeerde belydenis vra" by aantasting van die Skrifgesag "nie toleransie of akkomodasie nie, maar reformasie."[25]

## Gemeenskap van heiliges

Twee partikuliere sinodes uit een ressort dien beswaarskrifte oor dieselfde saak by twee agtereenvolgende sinodes in. In hoeverre die beswaarskrif van 1997 met dié van 1994 saamval of werklik nuwe besware na vore bring, moet die studiedeputaatskap wat die laaste Sinode aangewys het, maar uitmaak in die lig van artikel 46 van die kerkorde.

By die vergelyking van 1994 en 1997 se beswaarskrifte duik daar nog 'n ander probleem op. Die Partikuliere Sinode verklaar in sy beswaarskrif van 1997: Ons "onderskryf die hermeneutiese uitgangspunte soos van kennis geneem deur Sinode GKSA 1988."[26] Hermeneutiek gaan oor die vertolking van die Skrif. Die Partikuliere Sinode wat hom tot die Sinode van 1994 gerig het, het daarenteen nie 1988 onderskryf nie, maar 'n stel aanvegbare hermeneutiese uitgangspunte aan daardie Sinode voorgelê. Wat is die probleem? In die beswaarskrif van 1997 word sonder die herroeping van die hermeneutiese uitgangspunte in 1994 gestel: Ons onderskryf dit wat die Sinode van 1988 daaroor gesê het.

Wat is nou die oortuiging van die kerke in dié partikulier sinodale verband? Hou hulle uitsluitlik aan die 'belydenis' van 1988 vas? Waarom herroep hulle dan nie die hermeneutiese uitsprake wat hulle aan die Sinode van 1994 voorgelê het nie? Of hou hulle ook nog daaraan vas? Hierbo is duidelik aangetoon hoe die Skrifgebruik in die beswaarskrif van 1997 'n wig in die eenheid van die Skrif dryf, in teenstelling met die beklemtoning van die eenheid van die Skrif in 1988. Ons mag, ja moet binne die gemeenskap van heiliges om duidelikheid vra ter bewaring van die kerke se eenheid in leer, diens en tug.

Hier kom nog iets by. Die kerke in die klassis wat die verandering van die vrou se posisie in die kerk sterk voorstaan en by die partikuliere sinodes aanhangig maak, het tussen die sinodes van 1994 en 1997 'n ope brief ontvang.[27] Aangesien die hermeneutiese uitgangspunte van die Partikuliere Sinode volledig in die *Handelinge* van die Sinode van 1994 weergegee is, is die brief as 'n ope brief aan alle kerke gestuur sodat hulle ook van die skriftuurlike bestryding van daardie hermeneutiese uitgangspunte kennis kon neem.

Wat het die kerke in dié klassikale ressort met die ope brief gedoen? Die skrywer het van nie een van hulle enige kerklike reaksie ontvang nie. Net so gee die beswaarskrif wat by die Sinode van 1997 ingehandig is, geen blyk van enige kennisname van die ope brief nie. Selfs die gereformeerde literatuur waarna die ope brief verwys, word nie aangehaal en weerspreek om die kerke te oortuig dat die broeders reg is nie. Hulle swyg die ernstige geskil oor die eenheid en die gesag van die Skrif in ons midde dood. Hulle doen niks om dit uit die weg te ruim nie. Is die kerke van Christus en die lidmate dan nie sy gemeenskap nie? Doodswyg kan tog nie voortkom uit die hartlike belydenis: Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die *gemeenskap* van die heiliges nie?

Die volstrekte negering van die bewys uit die Skrif dat hulle standpunt vir gereformeerde kerke onaanvaarbaar is, openbaar die swakheid van hulle wat dié standpunt bly verdedig. Toepassing van doodswyg-taktiek skep die indruk dat skriftuurlike besinning en oorweging nie die broeders lei in hulle ywer om vroulike lidmate tot die bediening van die besondere ampte toe te laat nie. Hulle moet onthou: Gereformeerde kerke buig net voor die HERE en sy Woord. Uit dié geloof weier hulle om toe te gee aan enige druk of drukgroep om van die Skrif af te wyk.

[24] J van Bruggen. *Emancipatie en Bijbel: kommentaar uit 1 Korinthe 11*. 5e druk. Amsterdam: Ton Boland, 1984, p. 88

[25] GJC Jordaan. *Waarheid en dwaling* 2(4), 1995: 9.

[26] 547:1.3.

[27] JG Meijer. *U kneg hoor: ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland*. Pretoria: Printburo, 1995.

## Twee slotopmerkings

Daar is reeds 'n gemeente in ons kerkverband wat drie vroulike diakens bevestig het[28] sonder dat die kerke saam oor 'n verandering van die posisie van die vrou in die kerk besluit het. In hierdie artikelreeks is al eerder op die chaos van die independentisme gewys. Kerke wat maak soos hulle wil, stig verwarring, onvrede. Gemeentes wat van Sinodebesluite afwyk sonder om ten minste eers die Klassis oor gemeenskaplike sake te raadpleeg, moet die vermaning ter harte neem: "Het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?"[29]

Die toenemende willekeurige optrede in ons midde laat ook die vraag ontstaan: Ondersteun die kerke in ons klassikale verbande mekaar voldoende in die bewaring van ons eenheid in leer, diens en tug? Word die rondvraag volgens artikel 41 van die kerkorde werklik vir dié doel aangewend? En die kerkvisitasie volgens artikel 44? En wys ons mekaar in liefde op die onderhouding van artikel 46 om *saam* die eenheid in die waarheid in die krag van die Heilige Gees te bewaar?

Die tweede opmerking gaan oor die opdrag aan studiedeputate. Hulle moet kennis neem van besluite van korresponderende kerke waarin vroulike lidmate toegelaat word om in een of meer van die besondere ampte te dien. Die Sinode verbied hulle uiteraard nie om ook kennis te neem van die handelinge van 'n kerkgemeenskap waarmee ons nie korrespondeer nie. Ek bedoel die rapport en besluit van die Sinode van Ommen van De Gereformeerde Kerken in Nederland (vrygemaak).[30]

## Advies

Leser, adviseer u kerkraad in die lig van die bostaande die volgende:

* Laat u kerkraad hom beywer dat die kerke in die verband van die Klassis (die swaartepunt van ons kerklike samelewing) alles in die werk stel om die eenheid in leer, diens en tug volgens artikels 41, 44 en 46 van die kerkorde te bewaar. Kerke wat afwyk, moet liefdevol vermaan word. 'n Kerk wat hom aan die vermaning nie steur nie en in sy afwyking bly volhard, verbreek die eenheid in leer, diens en tug. 'n Klassis moet dit ten slotte met droefheid konstateer.
* Bring onder die aandag van u kerkraad dat die verskille van gedagtes oor toelating van vroue tot die bediening van besondere ampte nie 'n middelmatige saak is nie, maar een van die voortvloeisels uit die prinsipiële geskil oor die eenheid en die gesag van die Woord. As die diepte van die geskil nie gepeil word nie, kom die erns daarvan (verbreking van ons eenheid in die Skrifgeloof) nie aan die lig nie en blokkeer ons die weg na waaragtige bekering van hulle wat duidelik die eenheid van die Skrif misken.
* Vra aan u kerkraad om voortdurende voorbidding in die krisis waarin die kerke hulle vanweë die onenigheid oor die eenheid en die gesag van die Skrif bevind.

En vergeet veral nie om self te bid dat die HERE so kragtig deur sy Woord en Gees in ons midde sal woon en werk, dat argumente wat uit die Skrif en belydenis aangevoer word, uit liefde vir die HERE, sy Woord en mekaar nie doodgeswyg word nie, maar in onderwerping aan die Skrif geweeg word, en dat ons sodoende saam gehoorsaam in die diens van God volhard. Mag Hy dit in sy genade gee en Die Gereformeerde Kerke in ons land en wêreldwyd bewaar in hegte eenheid van die ware geloof.

[28] Sien berigte hieroor in *Beeld*, 27 en 28 Januarie 1998.

[29] 1 Kor 14:36.

[30] *Vrouwen-stemrecht in de kerk: besluitteks en commissierapport van de Generale Synode van De Gereformeerde Kerken in Nederland (Ommen, 1993)*. Barneveld: Vuurbaak, 1993.

# ONDERHOU ARTIKEL 30 VAN DIE KERKORDE TOT REFORMASIE

**Artikel 30 van die kerkorde bepaal: Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.**

Ons behoort die benoeming van deputaatskappe deur die Sinode in die lig van artikel 30 van die kerkorde te toets. Die woorde "alleen kerklike sake" dui onmiskenbaar op 'n beperking, 'n begrensing van die kerklike vergaderings se agenda. Die kerke kom in artikel 30 ooreen om nie dié grens te oorskry nie.

## Wat is kerklike sake?

Ruim 'n halwe eeu gelede het die vraag oor die grens van die kerklike sake na vore gekom. Die Sinode van 1942 spreek uit: Ons onderskei drie soorte kerklike sake: Eerstens die verkondiging van die evangelie "en wat daarmee verband hou", tweedens die roeping van die kerk om die Woord "oor alle lewensfunksies te laat uitstraal" en derdens "gemengde sake waarby kerk, staat en maatskappy gemeenskaplike belang het." Wat die "gemengde sake" betref, wys die Sinode op die bepaling van 'korrespondensie' in artikel 28 van die kerkorde. Hy laat dit aan die kerklike vergaderings oor "om self te bepaal wat die gemengde sake is en hoe die 'korrespondensie' of verband bewerkstellig sal word."[1]

## Voortdurende beloftebreuk

Tien jaar later ... Die Sinode van 1952 "doen 'n beroep op die kerklike vergaderings ... om artikel 30 van die kerkorde strenger te handhaaf."[2] Sewe-en-dertig jaar na hierdie Sinode is die kwessie nog nie opgelos nie. 'Alleen kerklike sake'? Een van die hooglerare skryf in 1989: "Dié bepaling van artikel 30 word gewoonlik stilweg geïgnoreer of 'n beroep op artikel 30 ontlok 'n hewige debat. Die probleem word grootliks veroorsaak wanneer die aard van die 'saak' met 'ander sake' op vorige sinodes vergelyk word om 'presedente' te soek, asof 'n vroeëre fout 'n latere regmaak."[3]

Dit is 'n somber prent van ons kerklike lewe. Kerklike vergaderings bedryf al omtrent 'n halwe eeu die kwaad dat hulle nie artikel 30 van die kerkorde onderhou nie. Hulle oorskry die grens wat hierdie artikel aan die agenda van ons kerklike vergaderings stel, in stryd met die belofte dat ons ons daarop sal toelê om die hele kerkorde te onderhou,[4] met insluiting van artikel 30. Sinode na sinode verbreek hierdie belofte en oortree die gebod: "Laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose."[5]

Ek beperk my in hierdie artikel tot die soek na antwoorde op vier vrae: Wat is die belangrikste oorsaak van die voortdurende grensoorskryding? Watter foute maak 'n kerklike vergadering wat die grens van artikel 30 oorskry? Wat is die gevolg daarvan? En wat behoort kerklike vergaderings te doen om die voortdurende afwyking van artikel 30 te beëindig?

## Die stil sterwe

Al die lidmate van die kerk is gesalf met die Heilige Gees.[6] Die HERE beklee hulle met die drievoudige amp van profeet, priester en koning. Die hoë amp van gelowige moet op alle lewensterreine bedien word. Die skriftuurlike oproep van Dr A Kuyper

bly aktueel: 'Daar is geen duimbreedte van die lewe waarvan Christus nie sê, "Dit is myne" nie.' Die Sinode van 1942 sê feitlik dieselfde: Die Woord straal oor alle lewensfunksies uit.

Wat sien ons daarvan in ons kerklike lewe? Wat doen die lidmate in die koninkryk van God? Hoeveel ouers is daar wat verantwoordelikheid aanvaar vir die opvoeding van hulle kinders, God se kinders, ook in die onderwys? Wat van ons skriftuurlike roeping in die gesin, in die daaglikse werk, in landsake?

Watter toerusting vir die diens van God[7] ontvang die gesalfdes met die Heilige Gees om in die volle lewe "die sout van die aarde" en die "lig van die wêreld" te wees, sodat die mense hulle goeie werke kan sien en die "Vader wat in die hemele is, verheerlik"?[8] Wat gebeur daar in ons huisgodsdiens, as dit nog plaasvind? Wat van ons persoonlike Skrifstudie? Watter studieverenigings is daar om "saam met al die heiliges" die diepte en omvang van die diens van God te verstaan?[9] En wat van die begeerte na toerusting in aanddienste waar 'n derde of minder van die gemeente aanwesig is?[10]

Die proses van verval verloop stilletjies. Wat gister gedoen is, word vandag minder gedoen, môre nagelaat. Nalatigheid in maksimale bywoning van eredienste wat vroeër as sonde aangemerk is,[11] word aanvanklik oogluikend toegelaat. Naderhand is dit gewoon. Almal maak mos so? Waar die geneesmiddel, die kerklike tug, nie meer gebruik word nie, steek een lidmaat se kwaad wat toegelaat word, ander lidmate aan. So werk die pes van nalatigheid al hoe verder in die gemeente deur.

Die proses van verval gaan stil verder, tot die stil sterwe intree. Lidmate dink nog dat hulle lewe. Hulle is in werklikheid al dood. 'Godsdiens' wat nog die plek van 'n meer of minder belangrike bysaak in die origens

1 *Kerkordeboekie*, p. 67. Die Sinode verwys in hierdie verband na "ons vaders". Korrespondensie beteken volgens hulle "dat belanghebbendes na gelang van voorkomende gevalle mekaar van die gewigtigste sake op hoogte hou, nou en dan verskillende belange met mekaar bespreek, mekaar se oordeel aangaande gewigtige punte inwin en daartoe desverkiesend oor en weer afgevaardigdes stuur."

2 Ibid.

3 B Spoelstra. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: handboek by die kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teol. Skool, 1989, p. 182.

4 KO, art. 86.

5 Matt 5:37.

6 1 Joh 2:20, 27.

7 Ef 4:12.

8 Matt 5:13-15.

9 Ef 3:18.

10 Nog meer vrae word gestel in my *Gesalf met die Heilige Gees*. Pretoria: Printburo, 1995, pp. 16-17, 19

11 Vgl. Heb 10:25 en HK, antw. 103: Ek moet "veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom."

gesekulariseerde lewe mag inneem, is gedegradeer tot 'n 'polis vir die ewigheid'. Die gelowige "wat die HERE vrees, vir wie God een en al is,"[12] word in so 'n 'gemeenskap' vir sieklik en dweepsugtig aangesien.

Iemand sal vra: Wat is die verband tussen die stil sterwe-proses in ons midde en die behandeling van nie kerklike sake deur die kerklike vergaderings?

'n Gesonde kerklike samelewing word gekenmerk deur vrugte. Lidmate hoor nie maar die Woord nie. Hulle lewe uit die krag van die Heilige Gees wat hulle daders van die Woord maak.[13] Broeders en susters profeteer en help mekaar om die wil van God wat verkondig word, aktueel in die volle lewe uit te dra. Priesterlik word die hele lewe aan die HERE toegewy. Die volk van God verrig hulle werk koninklik en eerbiedig die koningskap van hulle God op alle terreine van die lewe.

Die kerkvolk wat deur die werking van die Gees sy taak in die koninkryk van God verstaan en verrig, tree, veranker in die geloof, verantwoordelik in die onderwys, in die sosiale lewe en in die politiek op. 'n Kerklike vergadering word nie meer verlei om hom met nie kerklike sake besig te hou nie. Al die nie kerklike take in die koninkryk van God word immers deur die broeders en susters in hulle amp van gelowige behartig.

Die feit dat werke van die koninkryk op die agenda van kerklike vergaderings verskyn, bewys die nalatigheid van die lede van die kerk as burgers van die koninkryk.[14] Hierdie nalatigheid is die belangrikste oorsaak van kerklike afwyking van die kerkorde.

## Twee foute

Die HERE se diens moet voortgaan in die onderwys, in die sosiale lewe, in die komplekse Suid-Afrikaanse samelewing. Die burgers van die koninkryk versuim hulle plig. Geen gereformeerde organisasie wys die regte pad aan nie. Ons mis 'n dagblad wat gereformeerde voorligting gee. 'n Sinode plaas in hierdie situasie die onderwys, samelewing en meer koninkryk-sake op sy kerklike agenda. Die werk moet tog gedoen word?!

So 'n sinode maak, hoe goed bedoel ook al, twee foute. Eerstens wys hy nie die burgers van die koninkryk op hulle roeping nie. Die nalatigheid in die bediening van die amp van gelowige bly. Dit kan nie God se wil wees nie.

Die tweede fout van so 'n sinode is dat hy die werksaamhede van die nalatige burgers in die koninkryk van God oorneem. Met verloop van tyd word dit selfs as gewoon beskou. Al hoe meer koninkryksake word na die kerklike vergaderings verskuif. Sodoende verloor die kerke hulle uitsluitlik kerklike roeping uit die oog. Predikante en ouderlinge wat op nie waarlik kerklike deputaatskappe dien, word langdurig aan hulle eintlike werk onttrek. Die bediening van die Woord en die regering van die kerk ly skade ... Dit kan ook nie God se wil wees nie.

'n Kerklike vergadering wat nie bly by die reël om "alleen kerklike sake" te behandel nie, laat vir sy deel die burgers van die koninkryk in sondige nalatigheid volhard en verloor sy uitsluitlik kerklike roeping uit die oog. Die 'Skrif sê: "Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is,"[15] die kerk in syne en die burgers van die koninkryk in hulle roeping.

## Die oorlaaide agenda

Die gevolg van oorname van koninkrykspligte deur kerklike vergaderings is die oorlaaide agenda, veral van ons nasionale sinodes. Die meeste afgevaardigdes het geen tyd of moed om 'n agenda wat tot 'n hele boek uitgroei, te bestudeer nie. So kom hulle onvoldoende voorberei na die vergadering. Verder het die broeders op die laaste Sinode elkeen slegs twee minute spreektyd in elke bespreking gekry. Wat kan 'n mens in twee minute oor 'n belangrike saak sê? Kommissies moes die voorbereidende werk in rekord tyd afhandel. Geen mens kry die nodige tyd vir weloorwoë besinning nie.

Met alle waardering vir al die werk wat die laaste Sinode binne veertien dae verrig het - dit is onmoontlik dat soveel besluite na sorgvuldige oordeelvorming in so 'n kort tyd geneem kan word. So 'n agenda kan nie afgehandel word sonder om nou en dan 'n saak te stoomroller nie. Dit het duidelik in hierdie artikelreeks geblyk.

## Reformeer

Wat behoort die kerke te onderneem om die agenda van hulle vergaderings tot 'alleen kerklike sake' te beperk ten einde artikel 30 van die kerkorde te onderhou?

Die Sinode het in sy besluit na aanleiding van dalende lidmaatgetalle die kerkrade tot selfbeproewing opgeroep. Die kerkrade kan in hulle selfbeproewing die saak van die afwyking van artikel 30 betrek. Die oorsaak daarvan, nalatigheid in die bediening van die amp van gelowige, behoort grondig ondersoek te word. Hoekom word en bly broeders en susters nalatig in die koninkryk van God? Wat moet in prediking en huisbesoeke in die lig van die bostaande aan die lidmate voorgehou word om hulle roeping in die amp van gelowige duidelik te verstaan en gelowig te vervul?

Die kerke in 'n klassikale ressort behoort mekaar by te staan. In die rondvraag volgens artikel 41 van die kerkorde kan hulle saam

[12] Berymde Ps 128:3.

[13] Vgl. Jak 2:19-27.

[14] Fil 3:20.

[15] 1 Kor 7:20: "elkeen" sluit meer as slawe en vrymanne in. Hierdie Skrifwoord geld ook vir ons roeping in die kerk en in die koninkryk van God.

besin en van mekaar leer hoe om die lidmate individueel en saam tot bediening van hulle profetiese, priesterlike en koninklike amp op te wek. Die bediening van die amp van gelowige kan ook by elke kerkvisitasie aan die orde gestel word. Die HERE vergader immers nie 'n predikante- en ouderlinge-kerk nie, maar 'n kerk van lewende lede[16] wat Hom hartlik in sy kerk en koninkryk dien.

Sinodes kan die mindere vergaderings in hierdie geloofsaksie bystaan. As hulle nalatigheid in die funksionering van die amp van gelowige konstateer, behoort hulle nie koninkryksake oor te neem nie, maar kan hulle 'n tydelike deputaatskap aanwys net om tot die diens in die amp van gelowige te stimuleer. Deputate Jeugsorg byvoorbeeld kan kerkrade opwek om jeugverenigings in die amp van gelowige te stig. Hulle kan ook die jeugverenigings stimuleer om saam in 'n jeugbond te verenig. Die geroepenes in die amp van gelowige moet self werk sonder dat deputate enige aktiwiteit van hulle oorneem. Na afloop van die stimulering behoort 'n sinode die deputaatskap te ontslaan ten einde nie van artikel 30 van die kerkorde af te wyk nie.

Hiermee is voldoende gesê vir die toetsing van die laaste hoofstuk in die *Handelinge*.[17] Die laaste Sinode het 43 deputaatskappe benoem. Die vraag wat by die oorweging van elkeen gestel behoort te word, lui: Is die opdrag aan die betrokke deputate 'n 'kerklike saak' in die lig van artikel 30 van die kerkorde?

## Advies

* Leser, versoek u kerkraad om te reformeer, soos hierbo beskryf is, deur selfbeproewing en deur stimulering van die lidmate in hulle amp van gelowige tot die nodige aksie in die koninkryk van God.
* U kerkraad kan 'n beskrywingspunt indien vir die volgende Klassis, Partikuliere en Nasionale Sinode met die oproep dat die meerdere vergaderings artikel 30 van die kerkorde ooreenkomstig die bogenoemde besluit van die Sinode van 1952 onderhou.
* Kerkrade kan die afgevaardigdes na die Klassis instrueer om by die rondvraag volgens artikel 41 en by die kerkvisitasie mekaar by te staan in die stimulering van die lidmate tot optimale diens in die koninkryk van God.

Funksionering van die amp van gelowige is 'n vrug van die Heilige Gees. Hy stal die rykdom van die diens van God vir buitestaanders uit en gee daaraan evangeliserende krag.

[16] HK, antw. 54.
[17] 938-946:2.1-2.43.

**FOLMER BOEKHANDEL**

19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031

Die eerste vyf maande van die jaar 1998 is alweer verby, maar vir die aanskaf van 'n goeie dagboek is dit nooit te laat nie.

Vir die bietjie ouer jeug is daar 'LEER ONS BIDDEN' van ds C van den Berg. 111 bl vir R 44,30.

Vir die jeug van 10-12 jaar is daar die twee deeltjies: 'God woont bij zijn volk' dele I/1 en I/2, uitgegee deur De Vuurbaak. Vir die jeug van 12 - 14 jaar die dele I/3 en I/4 en vir seuns en dogters van 15 jaar en ouer dele I/5 en I/6. Ongeveer 95 dagboekstukkies, waarby jongmense leer om die Bybel te lees, wat hulle geloof beteken en veral: wie God is.

Die prys is R 47,80 per deel.

BYBELS DAGBOEK VOOR GEHUWDEN is die ondertitel van die dagboek van Ds D Grutter: 'Samen stil voor God'. Mooi!

141 bl vir R 78,75

Nog dagstukke wat mens nader aan die Bybel bring, staan in die Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika 1998. Behalwe al die gegewens oor die Gereformeerde Kerke is daar vir elke dag 'n Bybeloordenking van verskillende Gereformeerde predikante.

Die prys is R20

LEVEN MET GOD van ds R Timmerman is bestem vir die jeug van 15 jaar en ouer. Fris en opbouend geskryf.

197 bl. Prys R 65.

# 'N KONVENT VAN KERKE?

Sedert die vyftigerjare voer Die Nederduitse Gereformeerde, Die Nederduitsch Hervormde en Die Gereformeerde Kerke samesprekings met mekaar. Dit doen hulle deur deputate wat die sinodes aanwys. Dié deputate vorm saam die sogenoemde Tussenkerklike Kommissie (TKK). Die gereformeerde deputate stel in hulle rapport aan die laaste Sinode voor om 'n konvent van kerke in die lewe te roep.

Waarom moet so 'n konvent tot stand kom? Wie sal daarheen uitgenooi word? Op watter grondslag staan hy? Wat is sy bevoegdhede en verantwoordelikhede? Watter nut sal die konvent hê? Ek stop hier met die stel van vrae. Ons luister eers na die inhoud en motivering van deputate se voorstel en na die Sinodebesluit. Die vetgedrukte syfers tussen hakies verwys na die bespreking onder die genommerde opskrifte.

## Die Sinodebesluit

Wat hulle samesprekings in die TKK betref, vermeld die deputate in hulle rapport "iets van 'n frustrasie", omdat sekere onafgehandelde sake steeds nie tot 'n sinvolle afronding kom nie. Deputate sê: "Dit wil voorkom dat aspekte van praktiese samewerking beklemtoon word ten koste van die roeping om met wesenlike verskille erns te maak."[1]**(2b)** Hulle meen dat "strukturele eenheid" op grond van die verskille "klaarblyklik nie binne die afsienbare toekoms haalbaar" is nie.[2] **(4)**

Die deputate motiveer die voorstel om 'n konvent van kerke in die lewe te roep soos volg: Eerstens oordeel hulle "dat die jarelange tussenkerklike gesprek juis die klimaat **(2b)** vir sodanige samekoms geskep het."[3] Hulle tweede motief lui: "Die wesensaard en eienskappe van die kerk van Jesus Christus stel ons as kerke met dieselfde belydenis **(2a)** voor die roeping om ons geloof en belydenis in harmonie met mekaar in die wêreld te betuig."[4]**(3)** En derdens kan volgens hulle "'n gereelde samekoms van afgevaardigdes van Reformatoriese Kerkgemeenskappe **(1)** ... samesprekinge en samewerking tussen kerke met dieselfde reformatoriese belydenis **(2a)** in dieselfde samelewing kerkregtelik anker en gestalte gee."[5] **(4)**

Die deputate stel op grond van hierdie oorwegings aan die Sinode voor: "Die drie Afrikaanse Kerkgemeenskappe wat in die Tussenkerklike Kommissie (TKK) saamkom", **(1)** neem die inisiatief "om Reformatoriese Kerkgemeenskappe **(1)** volgens 'n geordende wyse gereeld in vergadering te laat saamkom waar gesamentlike en gemeenskaplike belange ten opsigte van kerkwees in Suid-Afrika **(3)** asook die gesamentlike profetiese roeping ten opsigte van die owerheid en die samelewing hanteer kan word."[6]**(3)** Die doel met die konvent is om "die terreine wat die drie" samesprekende kerkgroepe "in gemeen het, beter te benut, sodat die gesamentlike getuienistaak meer tot sy reg kan kom."[7]**(3)**

Tot watter omvang kan die konvent uitbrei? Die deputate stel voor dat reformatoriese kerkgemeenskappe uitgenooi word, dit wil sê al die kerke in ons land wat een of meer van die volgende belydenisgeskrifte het: Die Galliese Konfessie, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls, Westminster Konfessie, Eerste of Tweede Skotse Konfessie, Tweede Helvetiese Konfessie of die Nege-en-dertig Artikels.[8] **(1)**

Die bevoegdhede en verantwoordelikhede van die 'konvent van reformatoriese kerke' word deur die deputate as volg omskryf: "Die besluit van die Konvent dra die karakter van 'n Reformatoriese getuienis **(3)** in die naam van die vergadering self **(4)** en is nie bindend ten opsigte van die deelnemende kerke wat afvaardig nie."[9]**(4)**

Die Sinode besluit dat hy hom in beginsel met die daarstelling van so 'n konvent vereenselwig. Hy dra aan die deputate op "om daarmee voort te gaan."[10]

## 1. Wat is reformatories?

Die woord gereformeerd dui presies op dit wat bedoel word. Die grondslag is die Woord van God soos ons bely in die Drie Formuliere van Eenheid. Woorde soos Calvinistiese beginsels en reformatories het nie die omlynde betekenis nie. 'Reformatories' is 'n rekbare begrip. Anabaptiste, Remonstrante, ja al die kerklike bewegings wat in die sestiende eeu met die Roomse Kerk en daarna met gereformeerde kerke gebreek het, asook hulle nageslag en nuwe kerkgroepe wat van hulle afgeskei het, kan aanspraak daarop maak dat hulle reformatoriese kerke is. Hulle kom tog uit die Reformasie voort?! Dit is waar. Hierdie reformatoriese kerkgemeenskappe is egter allermins gereformeerd.

Die woord reformatories dui nie die antitese tussen kerkgroepe aan nie, maar beklemtoon hulle 'gemeenskaplikheid'. Dit vervang hulle prinsipiële teenstelling met die saambring van die teenstanders in een reformatoriese groep. Dit is hierdie twee woorde (gesamentlik of gemeenskaplik en reformatories) wat in die Sinode-besluit oorheersend die botoon voer. Dit laat al aanstonds die wenkbroue lig en die vraag stel: Watter reformatoriese kerkgroepe kan in die voorgestelde konvent saamkom?

**Die woord 'konvent' kom nie in die jongste uitgawe van ons 'Verklarende handwoordeboek van die Afrkaanse taal' (die bekende HAT) voor nie. Konvent is afkomstig van die Latynse convenire. Dit beteken saamkom of in eensgesindheid ooreenkom. Ons laaste Sinode het 'n voorstel oor die totstandkoming van 'n 'konvent van kerke' aanvaar.**

[1] 190:3.1.3.

[2] 191:3.2.2.

[3] 186:2.8.4.

[4] 191:3.2.2.

[5] 192.

[6] 191:3.2.1.1.

[7] 186:2.4.8.

[8] 192:3.2.3.3.

[9] 192-193:3.2.3.4.

[10] 194:4.1.4.

Die Sinode beperk die 'reformatoriese kerke' tot kerke wat een of meer van die opgesomde belydenisse het. Waarom ontbreek die Nederlandse Geloofsbelydenis in die ry? Dié vraag maar terloops. Ek beperk my in hierdie raamwerk tot een kerklike leergeskil, die geskil oor die leer van die uitverkiesing. Talle moderne mense en 'kerke' misken die HERE se uitverkiesende liefde. Hulle vervang die God van die Woord met 'n afgod wat lief is vir alle mense sonder enige uitsondering.

Die voorwaarde dat 'n kerkgroep een van die genoemde belydenisse moet hê, waarborg nie dat hy alles wat met die Woord van God in stryd is, verwerp[11] nie. Daarom is die voorwaarde wat die Sinode vir aansluiting by die konvent stel, onvoldoende. 'n Konvent waarin alle deelnemers nie beloof om in eenheid van belydenis die nek onder die sagte juk van ons Here te buig[12] nie, is nie een in die waarheid nie. Dit is inteendeel 'n konglomeraat van uiteenlopende geloofsoortuigings en derhalwe in stryd met die kerklike samelewingsnorme wat ons in artikels 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely.

## 2. Eenheid in leer?

Ek het in die weergawe van die Sinodebesluit hierbo aan elke syfer twee 'n a of 'n b toegevoeg. Onder hierdie opskrif lewer ek agtereenvolgens kommentaar op 2a en 2b.

Die konvent is volgens die Sinode 'n byeenkoms van kerke "met dieselfde belydenis" of "met dieselfde Reformatoriese belydenis". Die NGK, NHK en GKSA het inderdaad dieselfde belydenis. Dit is die gereformeerde belydenisgeskrifte. Die ander kerke wat uitgenooi kan word, het nie dié belydenisgeskrifte nie. Selfs 'n kerkgroep wat maar een van al die genoemde belydenisse aanhang, is al welkom in die voorgestelde konvent.

Dit is opvallend dat nie die woord 'gereformeerd' in die beskrywing van die grondslag voorkom nie, maar wel die nie-omlynde woord 'Reformatoriese belydenis'. Die vereiste duidelik gestipuleerde en omlynde aanduiding van die grondslag ontbreek. Vra net: Wat is die inhoud van 'n reformatoriese belydenis en mens sal 'n kakofonie in so 'n konvent ontketen. Die aanwesiges gee uiteenlopende antwoorde ...

Daar is nog iets wat in die Sinode-besluit ontbreek, naamlik die *binding* aan die belydenis. Ons bind mekaar aan die belydenis *in die kerkorde*.[13] Indien die binding aan die suiwere leer in die kerkorde makeer, dan bestaan daar geen ooreengekome reg waarvolgens, by afwyking van die belydenis, kerklike tug toegepas kan word nie. 'n Suiwer belydenis van die leer en 'n suiwer ondertekeningsformulier vir die ampsdraers waaraan nie kerkordelik gebind word nie, is kerklik net so min werd as die papier waarop dit geskryf is. Elkeen kan daarmee maak wat hy of sy wil. Die nie-omlynde belydenis van die konvent, waaraan bowendien nie gebind word nie, druis in teen die norm dat almal in kerklike byeenkomste "hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra ... en Jesus Christus as die enigste Hoof erken."[14]

Waarom moet so 'n konvent tans in die lewe geroep word? Die deputate motiveer: Die jarelange tussenkerklike gesprek het die klimaat vir sodanige samekoms geskep. In dieselfde rapport skryf hulle oor die samesprekings in die TKK: "Dit wil voorkom dat aspekte van praktiese samewerking beklemtoon word ten koste van die roeping om met wesenlike verskille erns te maak." Die twee uitsprake rym glad nie. Wesenlike verskille, dus geen wesenlike eenheid nie. Daar word selfs geen erns mee gemaak nie. En is daar dan tog 'n klimaat om tans as eenheid in 'n konvent na buite toe op te tree?

Wat is die klimaat in die NG- en NH-Kerke na veertig jaar se samesprekings in die TKK? Wat is die resultaat van die gereformeerdes se insette? Is daar terugkeer na die binding aan die leer van Christus? Ek volstaan weer met een voorbeeld. 'n Predikant wat nie met 'n goeie gewete vrouens in die ampte kan bevestig nie, word geskors sonder dat sy beroep op die Skrif weerspreek word. 'n Professor wat die Goddelikheid van die Woord platweg ontken, mag onverhinderd voortgaan.[15]

Die tyd is lankal daar dat ons die vriendelike en broederlike gesprekke met kerkgemeenskappe wat nie die nodige erns met wesenlike verskille maak nie, stop met die ernstige boodskap: Ons wil graag met u praat op voorwaarde dat u terugkeer na die enigste fondament, in gebondenheid aan die Skrif en die belydenis. Die stop van samesprekings waar die nodige erns ontbreek om wesenlike verskille voor God se aangesig te bespreek, is 'n appèl om eindelik erns te maak met verskille wat vir die HERE ernstig is.

Om verder te praat en bowendien 'n konvent vir gesamentlike reformatoriese getuienisse te stig, beteken dat ons wesenlike verskille eintlik nie so wesenlik ag nie. Die wesenlike verskille tas immers die sogenaamde 'eenheid' nie aan nie?[16] Dit is een van twee: Die verskille is wesenlik. Daarom geen verdere kerklike kontakte nie. Of die verskille is nie wesenlik nie. Dan moet ons kerklik een word in die Naam van Hom wat om die eenheid in die waarheid bid[17] en ons beveel om dié eenheid te bewaar.[18]

[11] NGB, art. 29.

[12] NGB, artt. 28 en 29.

[13] Sien onder meer KO, artt. 31, 41, 44, 53-55.

[14] NGB, art. 29.

[15] F Deist. *Sê God so?* . . . Kaapstad: Tafelberg, 1982, p. 51. Sien verder p. 50: "die Bybel leer nie, die Bybel getuig," p. 48: oor die Skrif, 'n boek met "teenstrydighede", en p. 16: "Die Bybel, so lyk my, gaan nie daarvan uit dat ons sal wéét wat die wil van God is nie."

[16] Sien meer oor die sogenaamde eenheid in die kerklike verdeeldheid in die eerste artikel van hierdie nommer (toelating tot die nagmaal) onder die opskrifte '"Uit ander kerke": subgroep 3 in die Sinodebesluit' en '"Uit ander kerke": subgroep 4 in die Sinodebesluit'.

[17] Joh 17:14-21.

[18] Ef 4:3.

## 3. 'n Gesamentlike profetiese roeping?

Die voorgestelde konvent moet gesamentlike en gemeenskaplike belange van kerkwees in ons land hanteer. Die voorstel maak nie duidelik wat met hierdie belange en met die woord 'kerkwees' bedoel word nie. Die vaagheid van hierdie taakomskrywing gee ruimte vir werksaamhede wat die GKSA nie in die lig van die Skrif en die belydenis kan goedkeur nie. Daarom is die taakomskrywing nie kerklik aanvaarbaar nie.

Die belangrikste taak van die konvent is die roeping om te getuig. Hierdie roeping word in die voorstel sterk benadruk. Die "gesamentlike profetiese roeping ten opsigte van die owerheid en die samelewing", die "gesamentlike getuienistaak", "die roeping om ons geloof en ons belydenis in harmonie met mekaar in die wêreld te betuig", "dra die karakter van 'n Reformatoriese getuienis."

Die gemis van die suiwer grondslag blyk ook in die beskrywing van die roeping om 'n reformatoriese getuienis te lewer. Wat hierbo oor die grondslag opgemerk is, geld net so vir die aanduiding van die voorgestelde konvent se profetiese roeping. Ook die nie gereformeerd gegronde roeping is vir Die Gereformeerde Kerke onaanvaarbaar.

Wat van hierdie roeping as sodanig? Die HERE roep sekerlik nie 'n 'interkerklike' gemeenskap wat nie met wesenlike verskille die nodige erns maak nie, om na buite as 'n eenheid op te tree nie. Nee, Hy roep selfs nie 'n meerdere vergadering van kerke om getuienisse na die wêreld te laat uitgaan nie. Ons predikante word geroep om in sy kerk te profeteer en die lidmate tot profesie in die samelewing te stimuleer. Die hooglied van die liefde in 1 Korinthiërs 13 staan tussen hoofstukke 12 en 14 waarin die profesie van die lidmate boaan die lys van Geestesgawes staan.

Kerklike vergaderings van Die Gereformeerde Kerke stuur geen boodskappe na die samelewing uit nie. Hulle moet die Woord profeties in hul oordeelvorming en besluitneming handhaaf. Wat die owerheid betref, onderhou hulle korrespondensie om die nodige medewerking te verkry en getuig hulle slegs "in voorkomende gevalle as kerk van Christus."[19]

Die profetiese roeping wat die Sinode aan die voorgestelde konvent voorhou, is in die lig van die bostaande nie skriftuurlik nie. Die Sinode kon in sy besluit geen getuienis uit die Skrif, die belydenis of die kerkorde aanvoer om die sogenaamde roeping van die konvent daarop te grond nie. Ook om hierdie rede is sy besluit onaanvaarbaar.

## 4. 'n Kerklike saak?

Die konvent van reformatoriese kerke wat die Sinode voorstel, "kan samesprekinge en samewerking tussen kerke met dieselfde Reformatoriese belydenis ... kerkregtelik anker en gestalte gee." Weer vae aanduidings. Samesprekinge waaroor? Samewerking? Waar, waarin, hoe? Wat is kerkregtelik in hierdie 'interkerklikheid'? En wat is die anker en waaraan kan hierdie 'interkerklike' geselskap gestalte gee? Veel vrae ... geen antwoord nie.

"Strukturele eenheid" (die eenheid van die drie Afrikaanse kerke) kan volgens die Sinode "klaarblyklik nie binne die afsienbare toekoms" bereik word nie. Kan hulle tog na buite toe wel as eenheid optree? Wesenlike verskille en tog wesenlike eenheid?

Ons hoor midde in hierdie 'interkerklike' vaaghede en teenstrydighede 'n woord wat vir gereformeerdes bekend klink, die woord 'kerkregtelik'. Ons vra: Wat is die kerkregtelike status van die voorgestelde konvent? Die Sinode antwoord: "Die besluit van die Konvent dra die karakter van 'n Reformatoriese getuienis in die naam van die vergadering self en is nie bindend ten opsigte van die deelnemende kerke wat afvaardig nie."

Ons hoor nog 'n bekende kerkregtelike woord, afvaardiging. Die deelnemende kerkgemeenskappe stuur afgevaardigdes. Kry hulle welomskrewe opdragte?[20] Daaroor hoor ons niks. Moet die afgevaardigdes (die lashebbers) rekenskap gee en verantwoording doen aan die vergadering wat hulle stuur (die lasgewers)? Daaroor hoor ons ook niks. Dit beteken: Die woord afgevaardigde kry 'n ander inhoud. Afgevaardigdes na die konvent is nie werklike afgevaardigdes nie.

Beloof die kerke om die besluite van die afgevaardigdes vir vas en bindend te hou, tensy dit in stryd is met die Skrif?[21] Hierdie vraag word pertinent ontkennend deur die Sinode beantwoord: Nee, die besluite van die Konvent is nie bindend vir die kerke nie. Die konvent is dus nie 'n vergadering van egte afgevaardigdes nie en dit is ook nie 'n kerklike vergadering nie.

Wat is die konvent dan wel? Die sogenaamde afgevaardigdes besluit in die naam van die vergadering self. Stel u voor wat daar in die praktyk gaan gebeur. Die konvent gaan reformatories getuig by die hoë owerheid, die Staatspresident. Hy vra: "Namens wie kom u?" Antwoord: "U Edele, namens al die kerke wat ons verteenwoordig." Hy vra verder: "Het al die kerke u getuienis goedgekeur?" Die eerlike antwoord sal moet lui: "Nee, U Edele, die kerke is nie aan ons getuienis gebind nie."

Hy merk op: "Ek moet konstateer dat u nie die waarheid praat nie. U kom immers nie

[19] KO, art. 28.

[20] Ooreenkomstig KO, art. 33.

[21] KO, art. 31.

namens kerke nie, maar slegs namens uself. U kom as enkele persone met die aanmatiging dat u namens 'n aantal kerkgemeenskappe praat. Stuur 'n afvaardiging van u kerke. Hiermee is die onderhoud beëindig."

Kort saamgevat: Hierdie konvent is nie 'n konvent van werklike afgevaardigdes nie. Hierdie konvent is ook nie 'n konvent van kerke nie. Hierdie konvent is slegs 'n byeenkoms van persone wat op eie gesag 'getuig'. Die skyn word gewek dat dit 'n kerklike byeenkoms is. Dit het in werklikheid geen kerklike karakter nie, maar is slegs 'n byeenkoms van persone. Die kerke betaal net die koste. Dit is nie 'n kerklike saak ooreenkomstig artikel 30 van die kerkorde nie. Daarom moes die Sinode die voorstel van die deputate onontvanklik verklaar het.

## Advies

Leser, versoek u kerkraad om die voorstel tot stigting van 'n konvent van kerke om die volgende redes nie vir vas en bindend te hou nie.

* Die grondslag van die konvent is 'n vae reformatoriese belydenis waaraan bowendien nie kerkordelik gebind word nie. In gereformeerde kerke en hulle kerklike vergaderings bind ons mekaar aan die leer van die Skrif soos ons bely in Die Drie Formuliere van Eenheid. Aangesien hierdie binding in die Sinode-besluit ontbreek, is dit ongeldig.
* Die vaagheid van die taak van die konvent gee ruimte vir werksaamhede wat die GKSA nie in die lig van die Skrif en die belydenis kan goedkeur nie. Aangesien 'n Sinobesluit geen ruimte vir afwyking van die Skrif en die belydenis mag gee of toelaat nie, is hierdie besluit ongeldig.
* Die HERE roep nie 'n meerdere vergadering en sekerklik nie 'n konvent sonder die vereiste skriftuurlike grondslag om in die wêreld te getuig nie. Hy roep die lidmate van sy kerk daartoe op. Ook om hierdie rede is hierdie Sinodebesluit ongeldig.
* Die voorgestelde konvent is weens die feit dat geen kerkgemeenskap aan sy besluite gebind word nie, geen kerklike vergadering nie. Die voorgestelde konvent handel bloot op gesag van die deelnemende persone. Aangesien dit nie 'n kerklike saak ooreenkomstig artikel 30 van die kerkorde is nie, is die Sinodebesluit ongeldig.

Ek hoop en bid dat die TKK se onsalige samesprekings waarin dit wil voorkom dat daar nie met die bespreking van wesenlike verskille die nodige erns gemaak word nie, gestaak word met die appèl tot terugkeer na die binding aan die Skrif en die belydenis. Tot behoud van die massa gelowige en hongerige skape, wie se honger na suiwer Woordverkondiging nie gestil word nie. Hierdie saak kan in 'n beskrywingspunt via die volgende Klassis en Partikuliere Sinode op die voorlopige agenda van Sinode 2000 verskyn. Uiteraard op die voorwaarde van Jakobus.[22]

[22] Jak 4:15.


**DIT IS TOTIUS**

'n Biografie oor prof. JD du Toit (Totius) deur prof. VE d'Assonville. Hardeband, 284 bl + 32 bladsye foto's, bronneverwysings, naam- en saakregister. Prys: R75 (+ R5,50 posgeld en verpakking).

**MAJUBA**

2 Boeke oor Majuba deur prof. VE d'Assonville. Majuba (in Afrikaans) en Majuba (in Engels). Glanspapier, 38 foto-afdrukke. Elk R25 (+ R2,50 posgeld en verpakking). Ideale geskenk vir vriende.

**DIE BOEK OPENBARING (31 preke)**

Deur prof. VE d'Assonville (191 bl.). Prys: R30 (+ R3,50 posgeld en verpakking).

Bestel by

MARNIX

POSBUS 6276, WELTEVREDENPARK 1715
Tel. (011) 475-2839 • Faks (011) 675-0610